

MATIELAND



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH



1: 1997

FYNBOS VILLE

Rustige Victoriaanse dorpsverblyf van vervloë dae is verenig met alle moderne geriewe. Ruim kamers en suites, ontbyt, onderdak parkering



Loop net om die draai langs watervore na die Universiteit, Konservatorium, Coetzenburg sportterrein en tradisionele restaurante van die Eikestad.

Vestig u in Stellenbosch tydens u besoek aan die Wes-Kaap

Tel: +27-(0)21-883 8670 Fax: +27-(0)21-883 8479
Neethlingstraat 14, Stellenbosch 7600



Are you
sure that you are
making the most of your offshore
financial resources?...

Tony Buckley has been managing Southern African clients' international funds for 16 years reporting to them personally during his frequent visits.



Complete confidentiality



Your portfolio managed professionally by successful offshore money advisers.



Low or no up-front charges, no tax deductions.



"Buy a home in Britain" service, with Bond finance.



Offshore trusts set up, bank accounts opened.



Client protection via professional indemnity insurance.

Tony Buckley and colleague Pam Beith will be visiting South Africa again in May/June 1997.

For free advice on your offshore affairs, without obligation, respond NOW...

Please send me more information

Please contact me when visiting SA.

Name _____

Address _____

Postcode _____

Tel. (home) _____

Tel. (work) _____

Fax. No. _____

Mail to: AJ Buckley Asset Management Ltd.

Robuck House, Brighton Road,
Godalming, Surrey GU7 1NS
United Kingdom

For instant service:

Fax to 0944 1483 426 123 or
Telephone 0944 1483 426 300

AJ BUCKLEY

ASSET
MANAGEMENT
LIMITED

Past performance is not necessarily a guide to future success. The value of investments and the income derived from them can go down as well as up and the investor may not get back the amount originally invested.

MATIELAND 1:97 Inhoud



Voorblad:

Pres. Nelson Mandela, wat op 'n luisterryke plegtigheid in die Endlersaal 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het, word gelukgewens deur die Kanselier, dr. Jan van der Horst. Agter hulle is die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk. Lees die berig op bl. 16.
(Foto: Anton Jordaan).

Matieland word gratis aan oudstudente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch gestuur.

Redaksiekantoor:

Bemarking & Kommunikasie,
Universiteit van Stellenbosch,
Privaatsak X1,
Matieland, 7602,
tel. (021) 808-4633/808-4851;
Adreslys tel. (021) 808-4634;
faks (021) 808-4499

Redaksionele advieskomitee:

Proff. Walter Claassen (voorsitter), Christo Viljoen,
Piet du Plessis,
Johan Groenewald en
George Claassen;
asook mnre. Kobus Visagie,
Sunley Uys, Douglas Davis
en Hans Oosthuizen.

Ontwerp en uitleg:

Priscilla du Toit, US Drukery.

Drukker:

Universiteit van Stellenbosch
Drukery.

Jaargang 41 1:1997
ISSN 0025-5947

MENING

- 2** Die US en Afrikaans
- 2** 'n Nuwe omgewing

KURSUSSE & ONDERRIG

- 3** Rektor vereer knap dosente
- 8** Statistiek kry op halfeeu nuwe naam
- 8** Departement heet nou Inligtingkunde
- 9** Sportkenner bestuur opwindende studieveld

NAVORSING / RESEARCH

- 4** Dertien US-navorsers kry internasionale erkenning
- 6** Wine Biotechnology Institute gets another R2,5 million
- 7** 'Potato' drug boosts fight against Aids
- 10** Hy veg voor in die stryd om goedkoop, skoon drinkwater
- 12** Dokters, navorsers werk saam teen tering

EREGRADE

- 15** Vier bekendes word vereer
- 16** Staatshoof kry eregraad

KUNS & KULTUUR

- 24** US kry 55 kunswerke uit Duitsland
- 24** Vlaming skenk skildery

OUDMATIENUUS

- 20** 'Miss Nicol' word 100
- 20** Dagbreek vier driekwarteeu
- 20** Helderberg word vyftig
- 21** Reünies
- 27** In memoriam

ALLERLEI/MISCELLANEOUS

- 3** Universiteit erf meer as R3 miljoen
- 14** Nederlandse vorstin besoek US
- 18** Astronaut impressed with Sunsat
- 19** SR-klub vereer skrywer postuum
- 19** Skoliere se aptyt gewek vir tegnologie
- 22** Senior aanstellings strategies belangrik
- 25** Mylpale: Drie driekwarteeufeeste
- 26** Soölogie kry besoekers uit Kenia, Noorweë en VSA



10

Skoner
drinkwater

14

'Bosch weer
Hollands



18

Man from
outer space

Die US en Afrikaans

Die Universiteit se Afrikaanstalige karakter word dikwels in die media en in gesprekke bespreek. Dit was dus vir die Universiteitsraad nodig om die Universiteit se beleid hieroor duidelik te herbevestig - met 'n besluit wat in November verlede jaar geneem is.

- Eerstens beklemtoon dié besluit dat dit die US se primêre taak is om op uitnemende wyse kennis oor te dra en nuwe kennis te ontwikkel.
- Daarby is dit, tweedens, 'n essensiële deel van die Universiteit se taak om Suid-Afrika te dien as 'n inklusiewe Afrikaanstalige instelling vir almal wat hul universiteitsonderrig aan die US wil kry.
- Dit is, derdens, ook deel van die Universiteit se taak om Afrikaans as 'n akademiese en wetenskapsstaal uit te bou.
- Vierdens, het die Raad bevestig dat "die voertaal aan die Universiteit Afrikaans (is): Met dien verstande dat ander tale vir onderrig aangewend mag word waar dit, na die mening van die Senaat, vir effektiewe onderrig noodsaaklik is" - soos wat dit vervat is in artikel 18 van die Wet op die Universiteit van Stellenbosch van 1992.
- Laastens sal die Universiteit voortbou op sy gevestigde praktyk om studente wie se moedertaal nie Afrikaans is nie te help om akademiese onderrig aan die US te ontvang deur die soepel toepassing van sy beleid. Dit sluit o.m. in dat dit studente vrystaan om (soos wat dit nog al die jare die geval is) hul toetse en eksamens in Engels te skryf; dat mondelinge eksamens en vrae in die klas (waar nodig en na goeddunke van die dosent) in Engels gehanteer word; die magtiging aan fakulteite om op nagraadse vlak reëlings te tref vir die taal van kommunikasie wat studente en groepe ten beste akommodeer; die aanbied van taalhulpprogramme; en die voortdurende soek na verdere maniere om die Universiteit nog meer toeganklik te maak vir studente wat nie Afrikaans magtig is nie.

Deur hierdie beleid word gepoog om twee doelstellings te bereik: Eerstens, die behoud van die Universiteit se historiese rol as Afrikaanstalige instelling, onder andere vanweë sy plek in die Wes-Kaap waar die bevolking oorwegend Afrikaanssprekend is. Tweedens, hulp aan knap nie-Afrikaanssprekende studente wat hul potensiaal by die US wil ontgin. ♦

'n Nuwe omgewing

'n Totaal nuwe omgewing vir tersiêre onderwys in Suid-Afrika is aan die ontwikkel. Dit volg op verlede jaar se verskyning van die Nasionale Kommissie oor Hoër Onderwys se verslag, en in Desember die regering se Groenskrif ("Green Paper on Higher Education Transformation") wat vanjaar nog deur die finale Witskrif en wetgewing gevolg sal word.

Binne dié omvattende proses van herbesinning oor en die herstrukturering van hoër onderwys, stel die US nou 'n breetraamwerk daar vir sy eie toekomstige akademiese ontwikkeling, met die oog op die waarskynlike implementering van die land se beoogde nuwe stelsel in die jaar 2000.

Fakulteite en departemente sal voortaan verantwoordelik wees vir 'n groter mate van beplanning en koördinering rakende die US se akademiese aanbod. Interdepartementeel en -fakultêre samewerking kan hier 'n groot rol speel.

Streeksamewerking - waarmee die US en sy Wes-Kaapse buuruniversiteite en -technikons reeds ver gevorder het - gaan ook toenemend beklemtoon word.

Die uitbou van nagraadse kursusse en programme sal

veral belangrik wees. Nagraadse studie kan voortaan 'n groter rol in staatsbefondsing hê. Die US (met een van die hoogste persentasies nagraadse studente in Suid-Afrika) kan sy sterke posisie hier nog verder uitbou.

'n Veranderende demografiese samestelling van personeel en studente kan verwag word. Die verdere uitbou van die US se reeds geslaagde Akademiese Ontwikkelingsprogramme en personeelverbredingsbeleid is hier van groot belang.

Rekening moet gehou word met die ontstaan van 'n enkele gekoördineerde kwalifikasieraamwerk vir hoër onderwys - wat groter deurvloei ("artikulering") tussen universiteite en technikons sal bepaal, maar ook baie probleme kan oplewer.

Die handhawing van standarde/gehalte gaan belangrik wees - vir die regering, werkgewers, studente en hul ouers, asook die tersiêre instellings self. Dit is ook belangrik dat internasionale mededingendheid verseker word.

Die veranderende tersiêre onderwysomgewing skep inderdaad opwindende nuwe moontlikhede vir die US. ♦

Rektor vereer knap dosente

Nege dosente het aan die einde van 1996 die **Rektor se Toekenning vir Voortreflike Onderrig** ontvang. Dié jaarlikse eerbewys is daarop gemik om voortreflike onderrig aan die Universiteit te bevorder.

Dit is in 1994 ingestel. In die vorige twee jare was daar elke keer tien ontvangers.

Die nege ontvangers van 1996 is: prof. John Cloete (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), mnr. Johan de Wet (Rekeningkunde), dr. Henk Geertsema (Entomologie en Nematologie), dr. Johan Hattingh (Filosofie), mev. Elize Kotze (Bedryfsielkunde (Mil.)), me. Cecile le Roux (Algemene Taalwetenskap), dr. Gerrie Smit (Opvoedkundige Sielkunde & Spesialiseringsonderwys), dr. Gerhard Theron (Verloskunde & Ginekologie) en dr. Jurie van den Heever (Soölogie).

Alle fakulteite kom (afhangende van elkeen se grootte) nie elke jaar vir die toekenning in aanmerking nie. Elke ontvanger kry 'n kontantbedrag wat gebruik moet word vir akademiese doeleindes, soos die ontwikkeling van onderrigmateriaal, die opbou van infrastruktuur, die bywoon van akademiese byeenkomste, aflê van akademiese besoek, asook goedgekeurde akademiese binne- of buitenlandse reise.

Die ontvangers is onder meer gekies op grond van die kursusmateriaal wat hulle aanbied, enige aanvullende



Nege van die bestes: Die 1996-ontvangers van die Rektorstoekenning vir Voortreflike Onderrig is (heel agter) prof. John Cloete en dr. Jurie van den Heever, (middel) drs. Gerrie Smit, Johan Hattingh en Henk Geertsema, en (voor) dr. Gerhard Theron, mev. Cecile le Roux en Elize Kotze en mnr. Johan de Wet.

onderrigmateriaal wat hulle gebruik, soos video-programme, rekenaargesteunde onderrigmateriaal, skyfies, transparante, terugvoerverslae oor hulle uit studentegeledere en ander bewyse van hul vernuwende werk of navorsing oor onderrig. ♦

Universiteit erf meer as R3 miljoen

Die Universiteit het verlede jaar net meer as R3 miljoen uit 25 verskillende boedels ontvang. Die grootste daarvan was 'n bemaking van R970 000 vir studiebeurse.

Díe erflating van byna R1 miljoen het gekom uit die boedel van wyle **dr. G Neethling Murray**, wat in Oktober 1995 in Mosselbaai oorlede is. Hy is in 1906 as sendelingseun op Gutu in die huidige Zimbabwe gebore.

Dr. Murray het B.Sc. in Landbou en D.Sc. (1928-1940) aan US behaal en hom daarna by Wits as geneesheer bekwaam. Vir sy huisdokterjaar het hy in Shabane, Zimbabwe, gewerk. Hy het op Groot Brakrivier en in die vyftiger- en sestigerjare op Stellenbosch gepraktiseer, waarna hy op Mosselbaai afgetree het. Volgens sy testament moet die US die inkomste van dié bemaking gebruik vir beurse aan studente in die Natuurwetenskappe.

Uit Natal het die US 'n keurige versameling van 24

skilderye van **dr. PJ (Piet) Jacobs**, 'n afgetrede dokter, geërf. Hy was 'n advokaat voordat hy by Wits in die geneeskunde gestudeer het, en het lank as sendingdokter gewerk. Dr. Jacobs het dié uitsoekwerke oor 'n lang tyd met sorg versamel. Dit is nou in die Sasol Kunsmuseum op die kampus.

Die Universiteit het ook 90 kunswerke deur **Johannes Meintjes** uit die boedel van sy weduwee, mev. Ronel Meintjes van Graaff-Reinet, ontvang.

■ **'n Beroep word op alle Oudmaties gedoen om in hul testamente bemakings ten gunste van die Universiteit te finaliseer. Skakel asseblief vir Philip de Witt, Bemarking & Kommunikasie, tel (021) 808-4638, om meer besonderhede.**

Dertien US-navorsers kry INTERNASIONALE

Volgens die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) se stelsel van nasionale en internasionale eweknie-beoordeling geniet die gehalte van dertien US-akademici se navorsingsbydraes aansienlike internasionale erkenning.



Prof. Lothar Böhm

As deel van 'n proses van evaluering word navorsingsvisie (vir die langer termyn) ook vereis - waarvan die opleiding van nagraadse studente 'n integrale deel vorm. Verder bied dié erkenning geleentheid vir substansiële befondsing van hul navorsingsprogramme. Die dertien US-navorsers, en bondige besonderhede oor elkeen se navorsing, is:



Prof. Trevor Britz

- **Prof. Lothar Böhm** (van die Departement Radiodiagnose, Fakulteit Geneeskunde): Foton- en deeltjiestraling word in biologiese sisteme ondersoek, om selinaktivering en die seleksie van tumore vir spesifieke stralingstipes te verbeter. Die laboratorium fokus op die regulering van selsiklus en middels wat apoptosis en die herstel van stralingskade beïnvloed.



Prof. Fritz Hahne

- **Prof. Trevor Britz** (Voedselwetenskap): Na raming bederf meer as 45% van alle voedsel in Suidelike Afrika voordat dit die verbruiker bereik. Dié navorsing het dus ten doel om gesonder en stabieeler tradisioneel gefermenteerde kossoorte met 'n verlengde rakleeftyd daar te stel.



Prof. Detlev Krüger

- **Prof. Anthony Cowley** (Fisika) bestudeer die struktuur van atoomkerne en die fundamentele wyse waarop kerndeeltjies daarmee in wisselwerking tree. 'n Siklotron word gebruik wat subatomiese partikels tot bykans twee derdes van ligsgnelheid versnel. Wanneer die projektildeeltjies 'n atoomkern tref, word brokstukke vrygestel waaruit die aard van die kerneienskappe afgelei kan word.



Prof. Anthony Cowley

- **Prof. Frits Hahne** (Fisika) se navorsing is toegespits op kwantummeganiiese veeldeeltjie probleme. Dit vind toepassing in die sterre, atoomkerne en gekondenseerde materie.



Prof. Jan-Hendrik Hofmeyr

- **Prof. Jan-Hendrik Hofmeyr** (Biochemie) sê die grootste uitdaging vir die biochemikus is om die magdom feite oor die eienskappe van die komponente van die lewende sel te integrer tot 'n koherente beeld van die gedrag en regulering van sellulêre prosesse. Sy laboratorium vir metabolisme ontwerp is een van die handvol sentra in die wêreld waar dié oogmerk vanuit 'n teoretiese hoek deur rekenaar-modellering en wiskundige analise benader word.

ERKENNING


• **Prof. Detlev Krüger** (Meganiese Ingenieurswese): Navorsing word gedoen op die gebied van termodinamiese en vloeidinamiese eienskappe van warmte-uitruilers. Dit sluit in die ontwikkeling en ontwerp van lugverkoelde warmte-uitruilers en koeltorings vir energie- en petrochemiese lugreëling, en verkoelings- en prosesnywerhede.



Prof. Frans Marais


• **Prof. Frans Marais** (Genetika) se navorsingsprogram is gerig op die oordrag van gene vir pesbestandheid en omgewings-aanpassbaarheid vanaf verwante wilde grasse na verboude koring.

• **Prof. Etienne Rabe** (Hortologie) se navorsingsprogram bedien die sitrus- en sagtevrugtebedrywe van Suid-Afrika. Navorsingsprojekte sluit in aspekte van snoei, oplei en spasiëring, kwekeryboom-kwaliteit asook boomproduktiwiteit (vrugset, -grootte en interne eetgehalte).



Prof. Etienne Rabe

• **Prof. Koot Reinecke** (Soölogie) doen navorsing oor die uitwerking van plaagmiddels en ander giftige chemikalië op diere, hul lewensprosesse en ekostelsels. Dit het 'n belang vir die nywerheid en owerheidinstansies belas met die beheer en toesig oor stowwe wat in die omgewing vrygestel word.



Prof. Ron Sanderson

• **Prof. Ron Sanderson** (Polimeerwetenskap): Navorsing en opleiding word gedoen oor polimeriese materiale en makromolekulêre chemie om aan die tegnologiese behoeftes van die plastiek-, rubber-, verf-, ink-, kabel- en chemiese vervaardigingsnywerhede te voldoen. Meer spesifiek word navorsing gedoen op omgewingsvriendelike verfemulsies en membrane vir gemeenskaps-watersuiwering.



Prof. Hennie Vermaas

• **Prof. Frederik Scholtz** (Fisika): In die veld van Teoretiese Fisika is die klem van sy navorsing gerig op veldeteorie, met spesifieke toepassings in hoog- en medium energie fisika. Navorsing word egter ook gedoen in gekondenseerde materie fisika en spesifieke sisteme met wanorde.

Prof. Koot Reinecke

• **Prof. Hennie Vermaas** (Houtkunde) se navorsing is toegespits op die interaksie tussen hout en water (sorpsieverskynsels) wat direk toepassing vind op die gebied van houtdroging. 'n Omvattende program is onderneem oor die lae temperatuurdroging van bloekom vir hooggraadse aanwending.



Prof. Frederik Scholtz

• **Prof. Hennie van Vuuren** (Mikrobiologie) spesialiseer in gisbiotecnologie en die regulering van geenuitdrukking in giste, nl. die transkripsionele beheer van gene gemoeid met stikstofmetabolisme en malaatbenutting. Dié navorsing het 'n toepassing in die alkoholiese drankbedryf.



Prof. Hennie van Vuuren

Wine Biotechnology Institute gets R2,5 million



Cheers!

- to excellence: At the handing over of another R2,5-million to the Institute for Wine Biotechnology were (from left) Dr Willem Barnard (Managing Director, KWV), Prof Christo Viljoen (Vice-rector, Management, at the University), Dr Tjaart van der Walt of the FRD and Prof Sakkie Pretorius, who heads the Institute.

The Institute is a crucial part of the Wine Industry Network of Expertise and Technology

"This reaffirms the excellence and industrial relevance of the research conducted by Prof Pretorius and his team," says Dr Tjaart van der Walt, Director: Industry/Academic Cooperative Research at the Foundation for Research Development (FRD).

According to Dr Van der Walt, the looming cut-back in government subsidies to universities could result in increased pressure on the research budgets of Universities. This necessitates the forging of partnerships with industry and government laboratories to ensure research capacity building and the development of expertise of an international standard.

Prof Pretorius and his team of 16 postgraduate students conduct research into the genetic improvement of wine yeasts and grapevine varieties. In their research projects, they involve local historically disadvantaged universities, including the universities of Durban-Westville and the North. They have furthermore embarked upon international collaboration with the University of Louvain in Belgium.

The Institute is a crucial part of the Wine Industry Network of Expertise and Technology (Winetech) which was established in November 1995. As one of the nodes of Winetech, the Institute has now received R7,5 million from the South African wine industry and the Technology and Human Resources for Industry Programme (THRIP). The University made an additional amount of some R6 million available for extensive alterations to the JH Neethling Building, which houses the Institute, among others.

Winetech is an ideal role model of a THRIP joint venture. The partners involved are the wine industry, the FRD, higher educational and research institutions, the Department of Trade and Industry (DTI), as well as the national and Western Cape Departments of Agriculture. The aim of Winetech is to establish a sustainable technology and human resource base for the South African wine industry to strengthen its international competitiveness.

THRIP, which is administered by the FRD and the DTI, provides financial incentives through a matching grant scheme for industry to invest in higher educational researchers for technology development. The focus is on the needs of and opportunities within the industrial sector.

"Our future plans for THRIP are to extend the leveraging of industrial funding for research conducted by higher educational institutions to South Africa's science councils and their laboratories. Mechanisms are being developed to increase mobility between the various organisations in order to ensure increased quality and relevance of training and the research environment," said Dr Van der Walt. ♦

The Institute for Wine Biotechnology, headed by Prof Sakkie Pretorius, has received another R2,5 million, for industrial research.

'Potato' drug boosts fight against Aids

Researchers in the **Faculty of Medicine** have developed an affordable, non-toxic remedy which energises the human immune system, enabling the body to combat the HIV-virus more effectively.

The drug is based on extracts from the "African potato" plant. During clinical trials patients reported weight gain coupled with a reduction in opportunistic infections. No side-effects to the treatment were experienced.

The research has been done in the departments of Medical Microbiology and Pharmacology. Prof Patrick Bouic of the Department of Microbiology says the remedy has been tested in clinical trials, involving some 300 HIV-positive human volunteers, since 1993.

While the remedy does not destroy the virus or cure Aids, it stimulates the immune system to such an extent that the virus is combated more effectively. "During clinical trials, the remedy stabilised the T-cells (immunity cells) of patients markedly," Dr Bouic said. "In certain instances, it even caused a significant increase in the cells."

The remedy is administered in capsule-form, taken three times a day. It costs about R1,80 a day.


The Department's research has been funded by a family-owned South African pharmaceuticals company, which recently acquired the world-wide patent for the remedy. The founder of the company, Mr RW Liebenberg, a Stellenbosch University graduate, said his company attempts to keep the price of the capsules as low as possible, due to the bad prognosis of HIV-infected patients.

The company is negotiating with international pharmaceutical companies to market the remedy worldwide as treatment for Aids patients. Distribution of the product will, however, be subject to approval from the medical control boards in the various countries.

Prof Bouic said there was no sign of physical deterioration among patients receiving the remedy. In fact, patients found their physical condition stabilising to such an extent that they could gain weight without experiencing any side-effects.

The remedy consists of a combination of plant sterols and sterolins. The ingredients were initially extracted from the bulb of the hypoxis plant, commonly known as the "African potato". Mr Liebenberg's company has been marketing this substance in Germany since the 1970's as a form of treatment for non-malignant prostate gland swellings. The researchers have since replaced the hypoxis-extract with chemically pure substances.

Prof Bouic said the pharmaceutical sponsor has already spent more than R10 million on medical research and clinical trials for the remedy. Despite initial scepticism surrounding the project, expectations in medical circles about the treatment effects of the remedy are high. All trials have been approved by the Ethics Committee of the Faculty and the Medical Control Board of South Africa and are conducted under the strict supervision of medical practitioners in accordance with the regulations of acceptable clinical practice. ♦



Prof Pat Bouic

The ingredients were initially extracted from the bulb of the hypoxis plant, commonly known as the "African potato".

Statistiek kry op halfceu nuwe naam

Die Departement Statistiek het onlangs sy halfeeu fees gevier - en sy naam na Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap verander.

Díe naamverandering was nodig omdat voor-en naagraadse opleiding in Aktuariële Wetenskap in die afgelope jare so 'n belangrike deel van die departement se aktiwiteite geword het.

Die departement het in 1985 begin om kursusse in Aktuariële Wetenskap aan te bied en dit ook as hoofvak vir die B.Comm. (Wiskunde) en B.Sc.-grade ingestel. In 1988 is prof. Casper Greeff as die eerste professor in Aktuariële Wetenskap aangestel. Na sy afdrede is hy verlede jaar deur prof. Mark Claassen opgevolg.

Naas Wiskundige Statistiek en Statistiek het Aktuariële Wetenskap tot 'n dinamiese en gewilde studierigting in die departement ontwikkel. Kursusse is volgens die vereistes van die "Institute of Actuaries" in Londen en die "Faculty of Actuaries" in Skotland.

Vanaf 1997 word die graad as B.Comm./B.Sc. (Aktuariële) aangedui. Dit geld ook vir honneurs- en

M.-grade. Die grade in Statistiek en Wiskundige Statistiek bly voortbestaan. B.Comm.-studente kan Statistiek of Wiskundige Statistiek volg; B.Sc.-studente slegs Wiskundige Statistiek wat 'n groter wiskunde-agtergrond vereis.

Die departement is ook betrokke by die Afdeling Deeltydse Studie op Bellvillepark, waar lesings saans aangebied word. Die Sentrum vir Statistiese Konsultasie - wat waardevolle statistiese hulp aan die navorsingsgemeenskap binne die universiteitsgemeenskap lewer - is in die departement. Die huidige personeel se spesialisering gebiede sluit 'n aantal belangrike velde in die statistiek in, soos meerveranderlike analise, rekenaar intensiewe metodes, model-selekteringsstegnieke, kategoriese data analise, stogastiese prosesse, ekonometrie, betroubaarheids teorie, lineêre en nie-lineêre regressie.

Die departement het twaalf vol- en vier deeltydse dosente, en meer as 3 000 studente. ♦

Departement heet nou

Inligtingkunde

Die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde heet vanaf Januarie vanjaar net Departement Inligtingkunde. Dit is die departement se tweede naamsverandering sedert sy ontstaan as Departement Biblioteekkunde in 1958.

In 1985 is Inligtingkunde bygevoeg om aan te dui dat die departement twee afsonderlike vakke aanbied. Sedertdien het die belangrikheid van Inligtingkunde steeds toegeneem, veral in die hedendaagse inligtingsamelewing.

Kennis van inligtingstegnologie, inligtingsbronne in elektroniese en gedrukte vorm, die Internet, inligting as ekonomiese en strategiese hulpbron en vaardighede soos hoe om inligting op te spoor, te organiseer en te gebruik, is nou noodsaaklik vir baie meer mense as net bibliotekarisse en inligtingspesialiste.

- Die Departement bied kursusse aan wat gemik is op die bevordering van inligtinggeletterdheid aan enige student wat daarin belang stel. Inligtingkunde is 'n gewone B.A.-vak tot op derdejaarsvlak in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Die departement bied egter ook 'n tweekrediet kursus aan oor inligtingsvaardighede vir studente in alle fakulteite.

Al is Biblioteekkunde uit die naam wegelaat, is die departement nog voluit betrokke by bibliotekaris se opleiding. Die vierjarige B.Bibl.-graad bestaan nog as basiese professionele kwalifikasie. Die tweearige B.Bibl. vir reeds gegradsueerde studente is ook nog beskikbaar. Vir dié groep het daar nou die moontlikheid bygekom om die grootste deel van die teoretiese studie in een jaar af te handel, waarna die praktikervaring en enkele oorblywende teoretiese modules in die tweede jaar voltooi moet word terwyl die student reeds 'n betrekking kan beklee.

Nog 'n oorweging vir die naamsverandering is die toenemende neiging hier en in die buiteland dat departemente wat bibliotekaris en inligtingspesialiste oplei, slegs Inligtingkunde ("Information Science") of Inligtingstudies ("Information Studies") gebruik. Stellenbosch het op Inligtingkunde besluit. ♦

Sportkenner bestuur opwindende studieveld

Die Departement Mens- en Dierfisiologie het vanjaar begin met opwindende nuwe voor- en nagraadse kursusse - asook gevorderde navorsing - in sportwetenskappe en die fisiologiese aspekte van fisiese oefening en vertering.



Dr. Kathy Myburgh

Die voorgraadse kursus (B.Sc. met Sportwetenskapvakte) is die eerste van dié aard aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Dit word aangevul deur 'n gestruktureerde, multidissiplinêre nagraadse kursus (M.Phil. Ergometriese/Verteringsfisiologie).

Hoewel die Departement Menslike Bewegingskunde aan die US wyd bekend is vir die aanbieding van sport-, oefening- en rekreasiekunde, het voor- en nagraadse opleiding in sportwetenskappe aan die Universiteit grootlik agterweé gebly. Na jarelange beplanning voorsien die Departement Mens- en Dierfisiologie nou in dié behoefté.

Die bestaande kundigheid in die betrokke departemente (Mens- en Dierfisiologie, Menslike Bewegingskunde, Biochemie en Huishoudkunde) word wesentlik aangevul deur die aanstelling van dr. Kathy Myburgh by Mens- en Dierfisiologie. Haar kennis en ondervinding van die teoretiese en praktiese aspekte van die sportwetenskappe, asook haar entoesiasme vir haar vakgebied, maak haar ideaal gesik om dié nuwe nagraadse kursus te bestuur.

Sy het in 1989 onder die bekende prof. Tim Noakes se leiding 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Kaapstad (UK) behaal. Vir drie jaar daarna het sy haar ondervinding in Amerika uitgebrei: as na-doktorale genoot aan die

Universiteit van Stanford se geneeskundefakulteit en in die biochemie- en biofisiokadepartement aan die Universiteit van Kalifornië in San Francisco.

Terwyl sy verdere navorsing in Amerika afgehandel het, het sy sedert 1993 nagraadse studente van die Mediese Navorsingsraad en die UK se Navorsingseenheid vir Bio-energetiek van Oefening begelei.

Dr. Myburgh het 33 wetenskaplike artikels in hoogstaande plaaslike en buitelandse tydskrifte op haar kerfstok en geniet reeds internasionale erkenning vir haar werk op oefeningfisiologie.


Die B.Sc.-student begin met basiese natuurwetenskaplike vakke in die eerste jaar en voltooi die kursus met die hoofvakke Fisiologie en Biochemie, ondersteun deur toepaslike modules in Menslike Bewegingskunde. Daarna het die student die keuse om nagraads te studeer in een van die hoofvakke, of om in te skryf vir die tweearige M.Phil.-graad waardeur voortgegaan word om die voorgraadse kennis oor sportwetenskap en verwante onderwerpe in diepte te bestudeer.

Menslike liggaaam

Die komplekse reaksies van die menslike liggaaam op oefening vereis 'n soliede agtergrond van die biologiese wetenskappe, en die kursus is dus ontwerp sodat die M.Phil.-graad - waarby die departemente Menslike Bewegingskunde en Biochemie asook voedingkundiges van die Departement Huishoudkunde betrokke is - die voorgraadse opleiding in alle aspekte rakende oefening komplementeer.

Die leerplan van die betrokke M.Phil.-graad (wat terloops ook die eerste nagraadse program van dié aard in die Fakulteit Natuurwetenskappe is) behels gevorderde teoretiese onderwerpe in oefening- en verteringsfisiologie, die biochemiese agtergrond daarvan, biomechanika van die menslike liggaaam en voedingsaspekte wat hiermee verband hou.

- Meer inligting oor dié kursusse kan bekom word by dr. Myburgh: tel. 021-808-3155, faks 021-808-31454, e-pos khm@maties.sun.ac.za.



Hy veg voor in die stryd om

Dr. Ed Jacobs van die Universiteit se Instituut vir Polimeerwetenskap is 'n wêreldbekende navorser op die gebied van kapillêre membraan wat onder meer gebruik word om drinkwater te suiwer.

Terry Nel het met hom gesels.

'n Lae-druk ultrafiltrasiemembraan, soos gesien deur 'n elektronmikroskoop. Dit is 'n buiteskilllose membraan en die wand bestaan uit miljoene mikroholtes (9,6 miljoen per meter).

'n Swam, *Phanerochaete chrysosporium*, word in die mikroholtes geplaas en dit skei 'n ensiem af wat groot potensiaal inhoud vir die behandeling van onder meer gifstowwe in water. Die binnemaatdeursnit (holte) is 1,2 mm en die hele membraan, dus saam met die wand, is 1,8 mm breed.

Ed Jacobs is beskeie, al het hy reeds internasionale erkenning gekry vir sy navorsing op die suiwering van water met kapillêre membraan. "Ek is nie 'n publieke mens nie. Ek doen maar my eie ding; dit wat my oortuiging vir my sê."

Hy het onlangs by die vierjaarlikse Internasionale Membraanwetenskap en -tegnologie Konferensie in Sydney, Australië, 'n referaat oor sy navorsing aangebied. Een van sy oortuigings is dat drinkwater goedkoop gesuiwer moet word, veral om landelike gemeenskappe te voordeel. Die nuutste membraantegnologie maak dit nou moontlik om water se kleurinhoud te verlaag, dit te disinfekteer (om dus mikrobes en ander organismes te verwijder) en die troebelheid uit te haal - alles sonder die toevoeging van enige chemikalië. "Dit is vir my baie belangrik. Ek is lief vir die omgewing."

Saan met finalejaar chemiese ingenieurstudente van die ML Sultan Technikon in Durban is hy nou besig met 'n eksperimentele aanleg by Suurbraak naby Swellendam wat geskik sal wees vir kleinskaal behandeling van die problematiese Suid-Kaap waters. "Die water daar het 'n alkaliniteit wat die asbessementtype vreet en dan kan 'n mens herbesoedeling kry. Maar Suurbraak se gemeenskap van sowat 4 000 mense kan die konvensionele tegnologie nie bekostig nie, dis te duur.

"Wat so wonderlik is; die spesiale membraan doen alles. Die resultate is uitstekend. Soos die mense by Suurbraak sê, dit maak die water wit." Die eksperiment, wat in Augustus verlede jaar begin is en pas voltooi is, maak gebruik van laedruk ultrafiltrasiemembraan, die nuutste ontwikkeling in kapillêremembraan-watersuiwerings-tegnologie.

Droom word waar

Windhoek se munisipaliteit toets nou 'n soortgelyke aanleg, as deel van 'n upgraderingsprogram in die herwinning van drinkwater uit behandelde riool. En daarop is dr. Jacobs baie trots. "Dis 'n droom van my wat waar word."

Wat die laedruk ultrafiltrasiemembraan so besonders maak, is dat die haarfyn membraan buite-om nie 'n skil het nie (dis dus heeltemal oop aan die buitekant). Die wand van die membraan bestaan uit miljoene mikroholtes ("microvoids" - kyk elektronmikroskopiese foto links).

'n Internasionale deurbraak is die gebruik van 'n swam *Phanerochaete chrysosporium* - die "witrot"-fungus by bome) binne-in die mikroholtes, wat 'n ensiem afskei wat groot potensiaal inhoud vir die behandeling van gifstowwe en mikrobes in water. "Sulke goed gebeur net een keer in 'n navorser se lewe. Die wêreldkenner van die spesifieke swam was baie skepties en het gesê dis onmoontlik dat die swam in water kan groei!"

goedkoop, skoon DRINKWATER

Navorsing vir 'n membraanbioreaktor wat aaneenhouende ensiemproduksie moontlik maak, word nou in samewerking met die Rhodes Universiteit se departemente van biochemie en mikrobiologie gedoen. Twee patente is reeds in Amerika geregistreer: die produksietegnologie vir die maak van laedruk ultrafiltrasiemembrane asook vir 'n membraanbioreaktor.

Maar waar het dit alles begin? Tydens sy studie in chemiese ingenieurswese aan die Universiteit het hy vakansies by die Departement van Waterwese se nywerheidswater afdeling gewerk. ("Ek het nog nooit geleer om vakansie te hou nie," spot hy.)

In 1977, skaars drie weke nadat hy daar voltyds begin werk het, is hy na die WNNR gesekondeer en na die Universiteit se Instituut vir Polimeerwetenskap uitgeplaas. Daar het hy onder dr. Ron Sanderson se leiding navorsing en ontwikkeling vir die vervaardiging van 'n Suid-Afrikaanse membraan gedoen in 'n ondersteunende projek van die Waternavorsingskommissie (WNK).

Tyd van sinksies

"Dit was in die tyd van sinksies," verduidelik hy. Sy navorsing het gekonsentreer op tru-osmose buismembrane (drukgedrewe skeidingsproses) in 'n poging om nywerheidswater vir hergebruik te suiwer. Dit is gekomplementeer deur werk by die destydse Bintech wat 'n goedkoop ondersteuningstelsel vir die membraan ontwikkel het - 'n patent wat die goedkoopste in die wêreld is.


In 1982 was die tegnologie markgereed en het die WNK dit beskikbaar gestel aan 'n maatskappy in die Paarl. Die maatskappy Envig het verskeie membraanaanlegte opgerig, onder meer by Sasol waar dit vir die ontsoutting van aswater gebruik word. "Dié membraantegnologie is vandag nog steeds mededingend in die mark."

Verdere navorsing en ontwikkeling het geleid tot 'n ultrafiltrasiemembraan, wat troebelheid, groot opgeloste molekules en mikro-organismes uit water haal, maar nie sout nie. In 1986 is die produksietegnologie ook aan Envig beskikbaar gestel wat dit gekommersialiseer het. Plaaslike membraanproduksietegnologie is toe stellig in Suid-Afrika gevestig.

Dié membraan word ook gebruik in die behandeling van nywerheidsuitvloeisels (vloerafvalwater). Tydens 'n eksperiment by 'n abattoir in Durban, wat 'n WNK navorsingsprojek was, het prof. Tony Fane, 'n chemiese ingenieur aan die New South Wales Universiteit in Sydney, Australië, toegekyk. Sy woorde was: "Never in my life I thought this possible."

Probleme het egter ontstaan met die aanpak van vette en proteïene binne die membraan. "Ek het toe een aand radeloos by prof. Piet Swart van Biochemie gaan aanklop en moes alles van ensieme in twee uur se tyd leer om 'n oplossing te kry!"

In die begin negentigerjare het die WNK besluit 'n klemverskuiwing is nodig. Navorsing is toe begin op die ontwikkeling van laedruk-ultrafiltrasiemembrane en stelsels » bladsy 12



Die eksperimentele aanleg (heel bo) by Suurbraak naby Swellendam, vir die kleinskaal behandeling van die Suid-Kaapse problematiese waters. Bo is dr. Ed Jacobs in die aanleg by Suurbraak.

Goedkoop, skoon drinkwater

« bladsy 11

vir die suiwering van drinkwater en toepassings in die biotegnologie.

Dr. Jacobs is baie opgewonde oor die moontlike toekomstige gebruik van die membraantegnologie in geval van 'n waternood in Suid-Afrika. "Voor see-water ontsout word, is daar nou soveel ander moontlikhede.

"In die Kaapse Skiereiland byvoorbeeld is daar geweldig baie ondergrondse water. Dié is nie brak nie, maar wel besoedel en dit bevat yster, wat die water bruin maak. Dis 'n klein probleem om op te los, aangesien ultrafiltrasiemembrane yster en mikro-organismes met gemak uithaal. Brakwater kan ook baie makliker ontsout word as see-water. En as alles te min raak, kan rioolwater gesuiwer word. Membraantegnologie kan drinkwater voorsien."

Dr. Jacobs het die afgelope twintig jaar 'n ver pad geloop. 'n Pad waarop die Universiteit met reg trots kan wees.

Ed Jacobs het 'n passie vir sy werk. Om hom in die hande te kry, is egter 'n moeilike taak - as hy nie op Suurbraak is nie, is hy in Windhoek; hy offer selfs van sy naweke op. Hy is 'n vurige motorfietsentoesias - "My battery is seker al pap, ek kry nie meer tyd om te ry nie" - en het 'n groot belangstelling in judo. In 1976 het hy die graad B.Sc. B.Ing(chemies) op Stellenbosch verwerf, in 1982 M.Sc.(ingenieurschemie) op Potchefstroom en in 1988 Ph.D.(polimeerwetenskap) ook op Stellenbosch. Hy is getroud en het drie kinders, waarvan die oudste 'n Matie-eerstejaar is. ♦

Dokters, navorsers



Prof. Paul van Helden



Dr. Nulda Beyers

Die Weskaap, wat deur die New York Times beskryf is as die "teringsentrum van die wêreld", word so erg deur die siekte geeteister dat 1 862 kinders met ernstige tering in die afgelope vier jaar net in die Tygerberg hospitaal opgeneem moes word - 57 van hulle in intensiewe sorg.


Die Wêreld Gesondheidsorganisasie het tering in 1993 reeds as 'n "globale noodsituasie verklaar. Dit word nou ook in Suid-Afrika - veral in die Wes- en Ooskaap - as 'n noodsituasie erken. In die Weskaap is die siekte se voorkoms die hoogste ter wêreld en daar word bereken dat 511 uit elke 100 000 mense aangetas word. Syfers dui daarop dat 'n derde

van die wêreldbevolking en minstens 'n derde van alle Suid-Afrikaners tering opgedoen het.

Die Universiteit se navorsers het gevind dat die helfte van die Weskaapse kinders wat elkeen in 'n huis met 'n teringlyer woon, met die teringbakterie besmet word. Dit hou ernstige gesondheids- en ekonomiese implikasies in vir die hele streek. Byvoorbeeld: 'n volwasse teringlyer

wat geen komplikasies het nie, word vir ses maande behandel en moet tien pille per dag drink. Dit kos die belastingbetalers ongeveer R500. 'n Pasiënt met middelweerstandige tering se behandeling kan egter meer as 18 maande duur en tot R100 000 kos.

Weens die omvang en erns van die probleem het lede van die Tygerbergse spesialistespan - dr. Nulda Beyers van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid en prof. Paul van Helden van die Departement Geneeskundige Biochemie en die Mediese Navorsingsraad (MNR) se Sentrum vir Molekulêre en Sellulêre Biologie - hul steun toegesê aan die minister van gesondheid, dr.



werk saam teen tering

Die Fakulteit Geneeskunde, jare reeds 'n leidende rolspeler in teringnavorsing en -behandeling, veg nou met 'n multi-dissiplinêre span spesialiste teen dié siekte - wat epidemiese afmetings aanneem.

Nkosazana Zuma, se besluit om die teringepidemie as 'n nasionale top-gesondheidsprioriteit te verklaar en om met 'n nuwe teringprogram te begin.

Hoewel geneeshere en navorsers in die Fakulteit Geneeskunde jare reeds by die stryd teen tering betrokke is, is nou besluit om in samewerking met die Universiteit van Wes-Kaapland en die MNR, 'n multi-spesialistespan op die been te bring in 'n gekoördineerde poging om die siekte hok te slaan. Die span bestaan uit sosioloë en antropoloë van die Universiteit van Wes-Kaapland, asook geograue, rekenaarspesialiste, geneeshere en molekulêre bioloë verbonde aan die US en die MNR.

Prof. Van Helden sê navorsing speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van nuwe middels teen tering en in pogings om die siekte se verspreidingsdinamiek te verstaan. Die patroon en verspreiding van die siekte in Suid-Afrika is nie noodwendig dieselfde as in nywerheidslande nie.

Hy glo ook tering kan met middels doeltreffend behandel word. "Ons is baie sterk ten gunste van die Departemente van Gesondheid se program wat die klem lê op die behandeling van hoogs aansteeklike teringgevalle en die belangrikheid van direkte waarnemingsterapie. Indien suksesvol, kan dié program die siekte só hokslaan dat die volgende geslag Suid-Afrikaners teringvry kan wees."

Om te slaag, moet die program gerugsteun word deur akademici se betrokkenheid by teringklinieke en programme, asook voortgesette navorsing. Omdat dit in die verlede as 'n laerprioriteit-siekte beskou is, is daar nou net 'n klein groepie teringkenners in die land.

Studente

Die Fakulteit Geneeskunde is verbind om mediese studente, verpleegsters en personeel oor teringinfeksie-verspreiding en behandeling te onderrig - nie net in die Tygerberg hospitaal en aan die US nie, maar ook by gemeenskapsklinieke en in satelliethospitale.

Sedert 1988 het die fakulteit drie groot kongresse gehou vir bykans 2 000 primêre gesondheidswerkers wat by tering betrokke is, en ook 'n opvoedkundige program oor tering by die Universiteit van Wes-Kaapland se

somerskool en Skool vir Publieke Gesondheid aangebied.

Die fakulteit is betrokke by uitreikaktiwiteite oor dié siekte onder meer na hospitale en gemeenskapsklinieke. Hulp en leiding word ook gebied aan vrywillige werkers wat betrokke is by toesig oor pasiënte in gemeenskappe.

Teringnavorsing aan die US is daarop gemik om nuwe middels te vind vir die behandeling van tering en om die verspreidingsdinamiek van die infeksie beter te verstaan.

Nuwe toets

"Een van die belangrikste deurbake was die ontwikkeling van 'n nuwe diagnostiese DNA-toets wat dit moontlik maak om binne 24 uur vas te stel met watter teringstam 'n pasiënt besmet is. Die regte behandeling kan dan onmiddellik toegepas word. Dié ontwikkeling is veral belangrik vanweë die toename in 'n nuwe teringstam wat nie op behandeling met gewone teringmiddels reageer nie," sê prof. Van Helden, hoof van die span wat die toets ontwikkel het. "Navorsers is nou in staat om die eerste keer vas te stel watter teringstamme waar in Suid-Afrika voorkom en om die presiese teringverspreidingsroete tussen pasiënte na te spoer."

"Dit blyk ook dat tussen 'n derde en die helfte van kinders met tering minder as tien jaar gelede nog aan tering-breinvliesontsteking dood is. Danksy nuwe behandeling in die Tygerberg hospitaal het dit nou afgeneem tot minder as een uit 20."

Prof. Van Helden se span is betrokke by navorsing wat daarop gemik is om die aktivering van sluimerende teringbakterieë in pasiënte te voorkom. Hy wys daarop dat een uit elke drie Suid-Afrikaners besmet is met teringbakterieë wat jare lank onaktief in die immuunselle kan skuil. Dit word gewoonlik geaktiveer deur 'n ander siekte soos vigs, of deur rook, alkoholverbruik, wanvoeding of hormoonverandering.

Sosiale, kulturele en gedragsfaktore speel 'n rol in teringinfeksie en die siekte se behandeling. "Ons het gevind dat tering baie erger is in laer sosio-ekonomiese gemeenskappe. Ekonomiese opheffing is dus net so belangrik as verbeterde gesondheidsdienste." ◆

Nederlandse vorstin besoek US



Bo: Oral op die Maties kampus was daar mense met oranje balonne of wat oranje strikkies gedra het. Vir die Huis van Oranje. En vir koningin Beatrix, die eerste Nederlandse vors wat op Suid-Afrikaanse bodem besoek afgelê het. Die US was die enigste universiteit in Suid-Afrika wat sy besoek het.



Heel links bo: Prof. Van Wyk, prins Claus, die koningin se eggenoot, en koningin Beatrix.

Bo: Prof. Hennie Viljoen, senior direkteur: Biblioteekdienste, het in die JS Gericke Bibliotek se Africanakamer 'n geraamde replika van Simon van der Stel (die Nederlandse stigter van Stellenbosch) se ampelike seël, saam met afbeeldings van die 12 sewentienteende eeuse koloniale kamers se embleme, as geskenk aan haar oorhandig. Ook op dié foto is, van links, die Nederlandse minister van buitelandse sake, mnr. Hans van Mierlo, prof. Andreas van Wyk, prins Claus en kroonprins Willem-Alexander.

Links: Koningin Beatrix onderteken die besoekersboek in die Rektor se kantoor, waar sy samesprekings met hom en verteenwoordigers van die twee buuruniversiteite, Kaapstad en Wes-Kaapland, gevoer het. By haar is die Rektor.

Links:
Koningin
Beatrix en die
Rektor en
Visekanselier,
prof. Andreas
van Wyk, nadat
hy haar met
haar aankoms
by die
Universiteit
verwelkom het.

Vier bekendes kry eregrade

Die Universiteit het in Desember vier eredoktorsgrade verleen - twee daarvan in die Regsgeleerdheid omdat dié fakulteit verlede jaar sy driekwarteeufees gevier het.


Die graad doktor in die Regsgeleerdheid (LL.D.) *honoris causa* is aan hoofregter Michael Corbett en aan appèlregter Hennie van Heerden verleen. Prof. Mike de Vries, gewese Rektor en Visekanselier van die Universiteit, het die graad doktor in die Wysbegeerte (D.Phil.) *honoris causa* ontvang en prof. Willie Jonker, afgetrede hoogleraar aan die Kweekskool, die graad doktor in die Teologie (D.Th.), *honoris causa*.

Hoofregter Corbett is in 1923 in Pretoria gebore. Hy het aan Rondebosch Hoër in Kaapstad en aan die universiteite van Kaapstad en Cambridge gestudeer. Wêreldoorlog het hy in Italië met groot onderskeidings geveg en is op ouderdom 25 (in November 1948) tot die Kaapse Balie toegelaat. Op 40 het hy regter geword en net tien jaar later appèlregter. In 1989 het hy hoofregter geword - 'n pos wat hy tot September 1993 (toe was hy 70 jaar oud) sou beklee het, maar waarvan die termyn tot 31 Desember 1996 verleng is.

Appèlregter van Heerden is 'n Oudmatie wat in 1931 op Edenburg in die Vrystaat gebore is, daar gematrikuleer het, op Stellenbosch die grade B.A. en LL.B. albei met lof geslaag het en in 1959 die graad LL.D. aan die Universiteit van die Vrystaat behaal het. Hy het in 1978 regter geword en in 1982 appèlregter.

Hoofregter Corbett en appèlregter Van Heerden was albei regdeur hul loopbane sterk voorstanders daarvan dat 'n Handves van Menseregte 'n noodsaaklike deel van enige politieke en konstitusionele bestel in Suid-Afrika moet wees.

Prof. De Vries is in 1933 in die distrik Barrydale gebore. Na matriek aan die Hoërskool Barrydale het hy op Stellenbosch die grade B.Sc. (met lof) en M.Sc. verwerf. Later het hy 'n doktorsgraad (in Chemie) aan die Universiteit van Freiburg in Duitsland verwerf.



Prof. Willie Jonker, prof. Mike de Vries en hoofregter Michael Corbett nadat hulle in Desember verlede jaar eregrade ontvang het. Appèlregter Hennie van Heerden kon nie die plegtigheid bywoon nie en het sy eregraad in absentia ontvang.

In die Tweede Wêreldoorlog het hy in Italië met groot onderskeidings geveg en is op ouderdom 25 (in November 1948) tot die Kaapse Balie toegelaat. Op 40 het hy regter geword en net tien jaar later appèlregter. In 1989 het hy hoofregter geword - 'n pos wat hy tot September 1993 (toe was hy 70 jaar oud) sou beklee het, maar waarvan die termyn tot 31 Desember 1996 verleng is.

Sy loopbaan as dosent op Stellenbosch het in Julie 1961 begin en voordat hy in Mei 1979 rektor geword het, was hy professor (op ouderdom 30), dekan en viserektor. Prof. De Vries het deur sy besondere leiding as rektor oor 'n tydperk van 14 jaar die Universiteit sterk uitgebou en deur verskeie moeilike tye bestuur.

Prof. Jonker is in 1929 in die distrik Lichtenburg gebore, het aan die Universiteit van Pretoria en die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer, en was etlike jare lank leraar in verskeie gemeentes van die NG Kerk in die huidige Gauteng, asook dosent aan die UP en Unisa, en hoogleraar aan die Theologische Hogeschool van die Gereformeerde Kerke Nederland in Kampen voordat hy in 1970 professor aan die Kweekskool op Stellenbosch geword het.

Prof. Jonker se vele publikasies het groot invloed op alle vlakke van die samelewing in Suid-Afrika gehad en hy was ook twee dekades lank betrokke by die opleiding van 'n nuwe geslag predikante wat sy invloed oor die hele land uitgedra het. Die huidige ontwikkelinge in die NG Kerk oor eenwording met die Verenigende Gereformeerde Kerk hou nou verband met 'n kerkbegrip waarvoor prof. Jonker reeds meer as 30 jaar gelede met 'n helder profetiese visie 'n sterk pleidooi gepubliseer het. ♦

Pres. Mandela is onder meer vereer omdat hy ongetwyfeld een van die merkwaardigste mense van dié eeu geword het; wat nie net staatshoof van Suid-Afrika is nie, maar ook wêreldwyd vir sy morele leierskap gerespekteer word.

Hy is verder vereer as 'n waardige simbool van die ideaal van bemagtiging deur opvoeding en onderwys. Die politieke kant van sy lewe maak ook van hom 'n merkwaardige mens, wat sonder bitterheid 'n yweraar vir versoeniging geword het. Ook hierin is hy 'n waardige rolmodel vir veral jong Suid-Afrikaners.

Min politieke leiers kon hulself so onvoorwaardelik tot die ideale van menslike waardigheid en demokratiese ontwikkeling verbind. En weinig het die moed om in 'n verskeurde samelewing só konsekwent die wenslikheid én moontlikheid van versoeniging en verdraagsaamheid te bepleit.

Die konsekwentheid waarmee hy sy visie sedert sy vrylating in 1990 verwoerd én uitgeleef het, het morele moed en oortuigingskrag gevverg. Dit is een van die belangrikste redes waarom die oorgangsproses sonder groot-skaalse politieke geweld verloop het. Pres. Mandela moet baie van die krediet kry omdat soveel uiteenlopende groepe en partye aan die onderhandelingsproses deelgeneem het.

In dié verband moet veral sy uitgesproke waardering vir die bydrae en regte van die verskillende kultuur-, taal-, godsdiens- en ander groepe genoem word. Hy stel 'n navolgenswaardige voorbeeld van respek vir en verdraagsaamheid teenoor dit wat vir die verskillende kultuur- en taalgroepe van die land belangrik is.



Staatshoof kry eregraad

Die
Universiteit
het in
Oktober verlede jaar op 'n
spesiale plegtigheid in die
Endlersaal 'n eregraad
(D.Phil. honoris causa) aan
die staatshoof,
pres. Nelson Mandela
verleen.

Afrikaanstaliges en 'n Afrikaans-talige instelling soos die US stel veral sy openheid en waardering teenoor Afrikaans baie hoog op prys. Dat hy hieroor in die openbaar standpunt ingeneem het, en veral die wyse waarop hy dit gedoen het, het nie by die Afrikaanse gemeenskap verbygegaan nie. Die erkenning wat hy in woord en daad aan die veeltalige karakter van die land gee - en daarvan ook aan Afrikaans - lever 'n uiters belangrike bydrae tot versoeniging en vrede in die land.

Die US het in 1990 'n eredoctorsgraad aan oud-president FW de Klerk verleen.

'n Verkorte weergawe van pres. Mandela se toespraak (wat hy uit-sluisklik in Afrikaans gelewer het) met die ontvangs van sy eregraad lui as volg:

“ Dit sou skynheilig wees om voor te gee dat ek nie diep onder die indruk is van die besondere geskiedkundige simboliek van hierdie geleentheid nie.

Uit die studentegeledere van hierdie universiteit het gekom elkeen van die Eerste Ministers wat in die tydperk tussen die twee Bothas blankoorheerste Suid-Afrika

geregeer het. Hierdie universiteit was die toonaangewende intellektuele tuiste van Afrikaner Nasionalisme. Vanuit hierdie universiteit het apartheid veel van sy teoretiese regverdiging ontvang. Hierdie inrigting het diep spore getrap in die veelbewoë geskiedenis van ons land; 'n geskiedenis waarvan die letsels nog wys.

Vanaand ontvang u my met gasvryheid en warmte as die staatshoof van 'n demokratiese Suid-Afrika. Vanaand vereer hierdie eertydse bakermat van Afrikaner Nasionalisme en blanke heerskappy, 'n persoon wat vir dekades lank as 'n aartsvyand van daardie orde gesien is. Vanaand ken 'n inrigting wat teoretiese regverdiging probeer gee het aan rasseskeiding en diskriminasie, 'n eregraad toe aan iemand wat byna 'n hele lewe lank vir nie-rassigheid geveg het.

Hierdie geleentheid sê veel meer oor Suid-Afrika en Suid-Afrikaners as oor die een aan wie die graad toegeken word. Die geleentheid spreek daarvan dat ons op pad is om 'n gesamentlike toekoms te bou, dat ons besig is om die verdelende skanse van die verlede af te breek en te bou aan 'n nuwe nasie - verenigd in al sy ryke verskeidenheid. En daarvoor bedank ek u uit die diepte van my hart.

Op hierdie pad van verandering en omvorming is daar nog ontsaglik veel wat gedoen moet word - in die land oor die algemeen en seer sekerlik ook hier aan die Universiteit van Stellenbosch in die besonder. Dit behoef ons om, van die een kant, erkenning te gee aan die veranderinge wat wel plaasvind en, van die ander kant, toe te gee dat die snelheid en die omvang van die verandering nog heelwat te wense laat.

Verlede week het daar iets baie betekenisvol hier vanuit Stellenbosch plaasgevind. Dit was toe die Stellenbosch Ring van die NG Kerk voor die Waarheids- en Versoeningskommissie 'n kollektiewe aandeel in die stelselmatige onreg van ons verlede bely het. Die boodskap wat daardeur uitgestuur is, en die effek wat dit op die proses van versoening sal hê, kan nie onderskat word nie.

Die optrede van die Ring herinner ons ook aan 'n dun maar belangrike stroom in die geskiedenis van die Afrikaner en van hierdie universiteit wat dikwels heeltemal vergeet en verswyg word. Dit is ook uit hierdie universiteit dat sulke dapper stemme van waarskuwing en verset teen die apartheidssleer gekom het soos dié van BB Keet, Ben Marais, Johan Degenaar, André Hugo, André du Toit en andere. Dit is in die bevestiging van daardie stroom van u geskiedenis dat die grootste hoop lê, nie net vir uself nie, maar vir Suid-Afrika.

Dit is ook in daardie Afrikaanse stem wat oop is vir en uitrek na die res van die samelewings, dat die saak vir die rol en plek van Afrikaans as wetenskapstaal die vrugbaarste gevoer kan word.

My standpunt oor en ingesteldheid teenoor Afrikaans

is so dikwels gestel dat dit sekerlik nie hoef herhaal te word nie. Soos sekerlik die geval met alle tale is, het Afrikaans sy besondere ontwikkeling te danke of te wyte aan die magsverhoudinge in die samelewings. Die feit van die saak is egter dat dit 'n hoogs ontwikkelde akademiese en wetenskapstaal is. En soos die Kommissie op Hoër Onderwys ook in hul verslag meld: Afrikaans as wetenskapstaal is 'n nasionale bate.

Die uitdaging draai dus nie oor die uitwissing, al dan nie, van Afrikaans as akademiese medium nie. Die vraag is liewer: hoe beding ons onder mekaar 'n bedeling in die Suid-Afrikaanse universiteit-sisteem wat aan die volgende drie oogmerke voldoen. Eerstens dat daar ruimte geskep en behou word vir Afrikaans om te bly groei as taal van die wetenskap. Terselfdertyd dat nie-sprekers van Afrikaans nie op onregverdigte wyse toelating ontnem word binne die sisteem nie. En verder, só dat die gebruik en ontwikkeling van 'n taalmedium nie bedoeld of onbedoeld die basis word vir die bevordering van ras, etniese of eng kulturele afsondering nie.

Om dit nou maar doodnugter en eenvoudig te stel: dit moet sekerlik moontlik wees, binne 'n sisteem met meer as 20 universiteite, om tot 'n vergelyk te kom dat daar ten minste een universiteit is wat dit as 'n hooftaak het om om te sien na die volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese medium.

Hoe daardie inrigting ander take ook akkom-

modeer, is besonderhede wat in onderhandeling uitgewerk kan word. As ons die groot politieke konflikte deur onderhandeling kon oplos, behoort so 'n aangeleentheid sekerlik nie onoorkomelik te wees vir die geleerde van ons land nie.

As diegene wat vir Afrikaans omgee, hierdie gesprek voer in die gees van openheid en met die ruimheid van gees waarvan ons vroeër gepraat het, maak dit die saak soveel sterker. En word dit soveel makliker vir dié van ons wat Afrikaans ter wille probeer wees.

Dit bly my wens dat ons almal saam sal opgaan in hierdie groot land. En dat Afrikaanse instellings en Afrikaanse mense nooit meer nors en eenkant en apart sal staan nie, maar ineen gevleg deel sal wees van die nuwe wat ons skep.

Dit is in die wete dat hierdie universiteit 'n groot rol te speel het om daardie wens te bewaarheid, dat ek die eer aanvaar om 'n alumnus van die Universiteit van Stellenbosch te word.



Astronaut impressed with Sunsat



Capt Scott holds a montage of pictures of his recent space flight which he donated to the Sunsat programme. With him are (from left) Mr Sias Mostert, Project Manager of Sunsat, and Professors Arnold Schoonwinkel and Garthe Milne, architects of the Sunsat programme.

Captain Scott managed to take some time out of a week-long visit to South Africa to observe the satellite programme at first hand. Much to the delight of some 40 school children, he also handed out autographs and let them in on what it's like to orbit the earth.

The children from various Western Cape schools, were invited to the laboratories as part of a programme that has been dubbed Sunstep (Stellenbosch University Schools Technology in Electronics Programme).

Captain Scott, who holds a BA degree in music and an M.Sc. in Aeronautical Engineering, joined NASA in 1992, after serving as a pilot in the US Navy for almost 20 years. At NASA he has served on the support staff team of various missions, supporting Space Shuttle launches and landings at the Kennedy Space Centre in Florida.

In January 1996 he served as mission specialist on a nine day flight in the shuttle *Endeavour*. He orbited the earth 142 times, travelling a distance of some six million kilometres, and conducted two spacewalks to demonstrate and evaluate techniques to be used in the assembly of an international space station.

Captain Scott's interests go wider than aeronautics. He is also a martial arts specialist and holds a 2nd degree black belt in karate. In his spare time he plays trumpet with a Houston-based big band.

He was very impressed with the Sunsat project and said he would make a determined effort to attend the launch, which has been scheduled for August this year.

There was great excitement at the Engineering Faculty when a NASA astronaut, **Captain**

Winston E Scott, paid a visit to the Sunsat laboratories - the first visit by an astronaut to the Matie campus.

The Sunsat satellite (South Africa's first locally designed and manufactured satellite) has been built in the Department of Electrical and Electronic Engineering. It has been developed as a student project since 1992 and is regarded as one of the largest postgraduate projects in local university history. ♦

Skoliere se aptyt gewek vir



Prof. Arnold Schoonwinkel (links agter) saam met Nasa-besoeker kaptein Winston E. Scott by vier van die skoliere wat die Sunsat-laboratorium besoek het as deel van die Sunstep-projek. Hiermee word tegnologie aan skoolkinders bekend gestel, om hulle aan te moedig om uiteindelik loopbane in die wiskundige en tegniese rigtings te volg.

SR-klub vereer skrywer postuum

Die Klub vir Oud-studenteraadsvoorsitters het dr. WA (Bill) de Klerk, skrywer en Afrikaanse taalman wat verlede jaar oorlede is, postuum vereer met die klub se prestige-toekenning vir 1996.

Die toekenning bestaan uit 'n goue erepenning en 'n oorkonde. Dit is in November op die klub se dertiende jaarvergadering op Stellenbosch aan dr. De Klerk se weduwee, mev. Finnie de Klerk, oorhandig.

Dit was die vyfde keer dat die eerbewys toegeken word. Prof. JG (Gans) Meiring ('n eertydse hoof van onderwys in die destydse Kaapland en oudrektor van die UWK), dr. Danie Craven, US-oudrektor prof. Mike de Vries, dr. Jan van der Horst (Kanselier) en prof. Gawie Cillie (afgetrede wiskundeprofessor en oudpresident van die Konvokasie) was die vorige ontvangers.

Die toekenning gaan aan Oudmaties wat lang, voortreflike diens aan die Universiteit en/of die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap gelewer het.

Die klub bestaan dertien jaar en het 52 lede. Die oudste is prof. Ben Marais van Pretoria wat in 1933 SR-voorsitter was. Daarna volg dr. Beyers Naudé (1937) van Johannesburg, prof. Theo Pauw (1941) van die Strand, dr. Jan van der Horst (1942) van Constantia en ds. Tappies Möller (1942) van Bloubergstrand.

'n Kweekskooldosent, prof. Danie du Toit, wat in 1965 SR-voorsitter was, is sedert die klub se ontstaan voorsitter daarvan.

Die Matie-SR se eerste vrouevoorsitter was mej. Erika Venter (nou mev. Hofmeyr) in 1992, en die tweede een is die huidige voorsitter, mej. Nadine Fourie. Sy is die tagtigste SR-voorsitter sedert Universiteitswording in 1918. ◆



Dr. Danie du Toit het as voorstander van die Klub van Oud-studenteraadsvoorsitters die goue erepenning en oorkonde vir wyle dr. Bill de Klerk aan sy weduwee, mev. Finnie de Klerk, oorhandig.

tegnologie

Vir Suid-Afrika om 'n geslaagde tegnologieland te word, moet meer skoolverlaters loopbane in die wiskundige en tegniese rigtings kies. Die Ingenieursfakulteit het 'n skoleprojek aangepak om hiermee te help.

Dit heet Sunstep (Stellenbosch Universiteit Skole Tegnologie in Elektronika Program). Die fakulteit kry geldsteun daarvoor uit die privaatsektor.

Die program probeer veral skoliere in minder bevoordeerde gemeenskappe blootstel aan elektronika en moedig hulle aan om Wiskunde en Natuur- en Skeikunde te neem. Kortom: om tegnologie aan hulle bekend te stel sodat hulle uiteindelik loopbane in die elektroniese en tegniese rigtings sal volg.

In die Wes-Kaapse loodsprojek het 1 600 leerlinge van sewe skole in die laaste kwartaal van 1996 deelgeneem aan die Sunstep program. Vanjaar word die projek uitgebrei na Gauteng en KwaZulu/Natal om nog 15 000 leerlinge te betrek.

Skole word vir die projek gekeur op grond van onderwysers se geesdrif en bereidwilligheid om gratis opleidingsklasse by te woon. Die skool moet ook die program in skooltyd aanbied.

Verskeie elektronika-boustelle is beskikbaar, saam met 'n werkblad wat volledige instruksies verskaf. As die onderwyser opgelei is, vind die leerlinge die bouwerk maklik en leersaam.

Die boustelle rus nie net leerlinge met gevorderde elektronika-kennis toe nie, maar help hulle om hul vrees vir die onbekende te verloor. Elektronika is uiteindelik 'n maklik aanleerbare hulpmiddel en bied uitstekende loopbaangeleenthede vir jongmense.

Die projek het ontstaan nadat die fakulteit 1 500 skole genooi het om deel te neem aan eksperimente waardeur skoliere onder leiding van onderwysers sal kan kommunikeer met Sunsat - die US se eie mikrosatelliet wat later vanjaar gelanseer word. Net vier van die 1 500 skole het belanggestel! Die fakulteit het besef iets moet gedoen word om skoliere bewus te maak van tegnologie en elektronika.

Vir meer inligting skakel mnr. Etienne Botha (021-8084396 of me. Miranda Myburgh (021-8083753). ◆

'Miss Nicol' word 100

Mev. Faith van Wyk (gebore Nicol) 'n Oudmatie van Calvinia, het op 12 Desember verlede jaar haar honderdste verjaardag gevier. Sy het in 1918 begin studeer aan die Victoria Kollege (wat in April daardie jaar die Universiteit van Stellenbosch geword het). In 1920 behaal sy B.A. en in 1922 die OI-diploma. "Miss Nicol" soos honderde skoolkinders haar geken het, was 'n Engels- en Latyn-onderwyseres, o.m. op Richmond (Kaap) en Calvinia waar haar man gebro het. Sy is die laaste oorlewende van sewe kinders van 'n Skotse immigrant-onderwyser, Matthew Nicol, wat met 'n Afrikaanse vrou, Maria Kloppers van Robertson, getrou het. Mev. Van Wyk se enigste broer was wyle dr. William ("Wm") Nicol, 'n predikant en eertydse administrateur van Transval.



Halfeufees

Huis Marais vier sy 50ste verjaardag in die naweek van 29-31 Augustus. Oudinwoners van dié koshuis moet asseblief hul name en adresse stuur aan: Die Reüniekomitee, Huis Marais, Posbus 3521, Matieland, 7602, tel. 021-8865035.



Oudhelderbergers prof. Andreas van Wyk (Rektor en Visekanselier), Arend de Waal en Danie van Gend (bo).

Nic Malherbe (1961-'63) van Kaapstad, Koos Brand (1961-'66) van Windhoek en prof. André du Toit (1960-'65) van Stellenbosch by die Helderberg-reünie (regs).



Helderberg het sy halfeufees gevier. By 'n dinee in die Stadsaal wat deel van dié feesreünie was, was Basil Tarr, Len Verdoorn en Jack Wells (links).

Mike Peacock (1960-'62) van Kaapstad, Vic van der Merwe (1958-'60) van Kaapstad en Gerrit Visser (1960-'62) van die Strand (onder).



Dagbreek vier driekwarteeu

Onder die oudste Ouddagbrekers by die reünie was mnre. Fanie le Roux (80 jaar oud; was in Dagbreek 1934-'37), James Moolman (82; 1935-'39), Siebert Wiid (80; 1936-'41), Gus Cluver (86; 1931-'35) en Bull van Niekerk (80; 1936-'40).



Drie bekende Ouddagbrekers: dr. Tertius Delport, prof. Herman van Niekerk (oud-inwonende hoof) en prof. Flip Smit (afgetrede Tukkie-rektor).



Van die jonger garde by die Dagbreek-feesviering: Cesar Soares, Phil du Plessis, De Wet Strauss (inwonende hoof) en Daniël de Wet.



... en
Helderberg
word vyftig

Reünies



Toe die Swellendammers reünie gehou het (bo) was daar ses Ouddagbrekers: Niel le Roux, Koos Uys, Jasper Verster, Deon Grebe, Chris Liebenberg en Hans Steyn.

Heidi Boonstra, Mariaan Badenhorst, Alta Muller en Ona Meyer was ook by die Swellendam-reünie (regs).



By 'n Oudmatie-reünie op **Middelburg**, Oos-Kaap, was Peet Hough, Kappie Greeff, Fritz Hayward en Willem Loock.



Grahamstad: Prof. Martin Hattingh, (links bo, dekaan van Landbouwetenskappe) was die geleenthedspreker. By hom is Piet Nel en sy vrou, Annette, prof. Donald Hendry, mev. Laurette Hattingh en mev. Marthie Hendry.



Vereeniging en omgewing se reünie: Nicol Maas, Anita Hanekom, Gys Steyn en Isabelle Botha.



By die **George**-reünie was Mariëtta en Stephan Gericke (agter), Carolien en Jan van Rensburg, Martie Hibbert en Dalene Munro.



Toe **Upington** se Oudmaties reünie gehou het, was Anneke Malan (naasregs) daar saam met haar skoon-dogter, Christelle Malan, asook dogters, Liz-Mari Lombard en Annalee Malan.



Op **Cradock** was Francois Michau, Francois Moolman, Isobel Neethling en Hannes Moolman onder die reüniegangers.

Dekane aangestel



Prof. Isak van der Merwe, hoof van die Departement Geografie, het prof. Bernard Lategan opgevolg as dekaan van

die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Prof. Lategan het einde 1996 afgetree.



Lt.-kol. Chris Nelson het die nuwe dekaan van Krygskunde geword in die plek van kol. Koos Kotze wat einde 1995 afgetree

het. Kol. Nelson het aanvanklik in dié pos waargeneem. Hy het aan die UOVS en US gestudeer.



Prof. Gerrit van Wyk van die Departement Boskunde is die nuwe dekaan van Bosbou in die plek van prof. Rudi Bigalke wat afgetree

het. Prof. Van Wyk het aan die US en die North Carolina staatsuniversiteit in die VSA gestudeer.

Senior aanstellings strategies belangrik



Dr. Botha



Dr. Swanepoel



Dr. Smit



Prof. Lategan

Verskeie senior aanstellings in die US se sentrale bestuur hou verband met die veranderende situasie en eise rakende akademiese (her)beplanning asook die Universiteit se steudienste.

Die aanstellings hang ook saam met die skepping van 'n Afdeling Akademiese Steudienste wat onder die Viserektor (Akademies) ressorteer en verantwoordelik is vir die Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme, die Sentrum vir Studentevoorligting (wat die huidige eenhede vir studentevoorligting en sielkundige dienslewering sal vervang), asook die buro's vir Universiteitsonderwys (Buvo) en vir Geneeskunde- en Tandheelkunde-onderwys (BGTO).

In samehang hiermee is die volgende bevorderings en aanstellings gedoen:

Dr. Ludolph Botha (wat Direkteur: Akademiese Ontwikkelingsprogramme was) is as Direkteur: Akademiese Steudienste aangestel.

Dr Jon Swanepoel is tot Direkteur: Akademiese Ontwikkelingsprogramme, bevorder.

Dr. Kosie Smit - wat ook direkteur van die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderwys (Iwwous) is - is bevorder tot Adjunkdirekteur: Akademiese Ontwikkelingsprogramme.

Verder is **prof. Bernard Lategan**, wat tot einde verlede jaar dekaan van Lettere en Wysbegeerte was, aangestel om vir 'n deel van sy tyd in spanverband as Fasiliteerder: Akademiese Beplanning vir die Universiteit op te tree. Dié aanstelling is van groot strategiese belang in die lig van die omvangryke akademiese herbeplanning wat van universiteite verwag word.

Met dié aanstellings en bevorderings het die Universiteit sy vermoë om die veranderde situasie en nuwe uitdagings in hoër onderwys te hanteer, op 'n aantal baie strategiese punte versterk. ◆



Hoofdirekteur: Studentesake

Prof. Piet du Plessis van die Departement Ondernemingsbestuur is aangestel as Hoofdirekteur: Studentesake in die plek van prof. Flip de Wet wat onlangs afgetree het. Prof. De Wet was sedert 1976 die eerste bekleer van dié pos. Prof. Du Plessis is sedert 1973 lid van die dosentekorps. Hy het sy doktorsgraad (D.Comm.) in 1977 aan die US verwerf nadat hy vroeër aan Tukkies en Unisa gestudeer het. ◆

Personeellede vereer

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het verlede jaar twee personeellede vereer. Prof. Demetre Labadarios (links), hoof van die Departement Menslike Voeding in die Fakulteit Geneeskunde, het die Albert Strating Prys vir Voorkomende Geneeskunde ontvang, en mnr. Henri Wirth, hoofrestourateur in die JS Gericke biblioteek, is met die Erepenning vir Restourasie van Kunswerke vereer. ◆



Nuwe professore

Prof. George Claassen, wat in 1993 as medeprofessor en hoof van die Departement Joernalistiek aangestel is, het onlangs professor geword. Hy het aan die UP en Unisa gestudeer en was in Beeld en Rapport se redaksies asook dosent aan die Technikon Pretoria. Hy is mederedakteur van Die Groot Afrikaanse Aanhalingsboek en sameroeper van die SA Nuusblad Persunie se beoordelingskomitee vir die Cronwright- en Hultzer-trofeë vir streekkoerante.



Prof. Claassen



Prof. du Plessis

Prof. Prieur du Plessis (Toegepaste Wiskunde) is van medeprofessor tot professor bevorder. Hy is 'n Oudmatie, en was 'n navorser in Antarktika voordat hy in 1971 aan die US aangestel is. Hy was intussen ook medeprofessor aan Tukkies.

Prof. Henry Hartzenberg is as hoof van die Departement Neurochirurgie aangestel. Hy is 'n Oudmatie en Oudikey en het o.m. 'n private praktyk in Bellville gehad.



Prof. Hartzenberg



Dr. Hugo

Dr. Charl Hugo het professor in Handelsreg geword. Hy het aan die UP en US gestudeer, was aan Unisa verbonde en is sedert 1985 'n US-dosent. In 1991 het hy navorsing aan die *Institute for Advanced Legal Studies* in Londen gedoen.

Prof. Demetre Labadarios is van medeprofessor tot professor bevorder. Hy is gebore in Griekeland, het in Brittanje gestudeer en was in 1991 stigterhoof van die US se departement Menslike Voeding. Hy is direkteur van die Metaboliese Navorsingsgroep en die Voedingsondersteuningspan van die Tygerberg Hospitaal. (Lees ook die berig links).



Prof. Meyer



Dr. Pienaar

Prof. Frans Marais is tot professor in Genetika bevorder. Hy was sedert 1993 medeprofessor. Prof. Marais het twee doktorsgrade, van die US en die Universiteit van Noord-Dakota in die VSA. (Lees ook die berig op bl. 4 - 5).



Prof. Kruger



Prof. Sharp

Prof. David Meyer, medeprofessor en hoof van die Departement Oogheelkunde, het professor geword. Hy het aan die US, op Potchefstroom en in die VSA gestudeer en was o.m. aan die Gimbel-oogsentrum in Kanada verbonde.

Dr. Juanita Pienaar het die Fakulteit Regsgeleerdheid se eerste vroulike professor geword. Sy is hoogleraar in Privaatreg en Romeinse Reg. Prof. Pienaar het op Potchefstroom gestudeer en is 'n US-dosent sedert 1994.



Prof. Smith



Dr. Thom

Prof. Thinus Kruger is tot professor in Verloskunde en Ginekologie bevorder. Hy was sedert 1987 medeprofessor, is ook hoof van die US se Eenheid vir Reprouktiewe Biologie, en het navorsing gedoen aan die Jones Instituut vir Reprouktiewe Geneeskunde in Norfolk, VSA, waar hy in 1990 met 'n assistent-professorskap vereer is.

Dr. Ron Sanderson wat sedert 1990 aan die US verbonde is, het professor in Chemie geword. Hy is 'n Oudikey met 'n doktorsgraad van die Universiteit van Akron, VSA, en is sedert 1978 direkteur van die Instituut vir Polimeerwetenskap. (Lees ook die berig op bl. 4 - 5).

Prof. John Sharp 'n Oudikey en departementshoof van daardie universiteit, is by die US as professor in Antropologie aangestel. Hy het 'n doktorsgraad aan Cambridge behaal.

Prof. Valdon Smith, medeprofessor en direkteur van die Vrystaatse Universiteit se Sub Antarktiese Navorsingsprogram, het professor in Botanie aan die US geword. Hy het by Wits en Kovsies gestudeer.

Dr. Johan Thom, dosent in Grieks aan die US sedert 1977 is nou professor en voorsitter van die Departement Klassieke. Hy is 'n Oudmatie en Oudtukkie met 'n doktorsgraad van die Universiteit van Chicago.

Prof. Larry Zietsman, medeprofessor en direkteur van die Instituut vir Geografiese Analise, het professor in Geografie geword. Hy het aan die US en die Universiteit van Washington, VSA, gestudeer, en is sedert 1972 aan die US verbonde. ◆



Prof. Zietsman

US kry 55 kunswerke uit Duitsland

'n Duitse egpaar, dr. Peter en mev. Catherine Freund, het 'n belangrike versameling van 55 abstrakte kunswerke aan die Universiteitsmuseum geskenk.

Dr. Freund is 'n chemiese ingenieur wat op Dobel in die Swartwoud woon. Hy het vroeër enkele jare as ingenieur in Suid-Afrika gewerk. Sy vrou is Suid-Afrikaans gebore en het aan die Rand grootgeword.

Hulle het die Sasol Kunsmuseum onlangs vir die eerste keer besoek toe die werke wat hulle geskenk het daar uitgestal is. Die Freund-egpaar het gesê hulle is baie beïndruk met dié kunsmuseum. Hulle het laat blyk dat hulle mettertyd nog van hul kunswerke aan die Universiteit wil skenk.

Die Universiteit het ook 'n groot versameling van sowat 50 boeke oor kuns van die Freuds ontvang. Hulle is kuns liefhebbers en -kenners wat deur baie jare abstrakte kunswerke op belangrike uitstallings, veral in Europa en die VSA, gekoop het.

Die skenking behels 'n versameling van hoofsaaklik non-figuratiewe abstraksies in verskillende grafiese



Prof. Andreas van Wyk, mev. Catherine Freund en dr. Peter Freund, toe dié Duitsers onlangs die Sasol Kunsmuseum besoek het.

media. Die betrokke kunstenaars sluit in 'n aantal vooraanstaande Europese eksponente van abstrakte kuns van die jare na die Tweede Wêreldoorlog, onder andere Jean Bazaine (1904-75), Hannes Hartung (1904-), Pierre Soulages (1919-), Antoni Tapies (1923-) en Paul Wunderlich (1927).


Daar is ook 17 werke deur Suid-Afrikaanse of Suid-Afrikaanse gebore kunstenaars, waaronder Bettie Cilliers-Barnard, Elizabeth Harrington, Hannes Harris

(wat in Duitsland gebore is), Dirk Meerkotter en Gordon Vorster - almal baanbrekers van die abstraksie - asook werke van die Spanjaard Salvador Dali en van twee belangrike Brasilianers, Carmen Gutierrez de Freitas en Maria Bonomi.

"Die Universiteitsmuseum is dankbaar en trots om dié belangrike versameling abstrakte kunswerke as 'n betekenisvolle aanvulling tot die twintigste eeuse kunsbesit van die US te kon opneem", sê prof Muller Ballot, direkteur van die Universiteitsmuseum. "Dit gee 'n nuwe, waardevoller betekenis aan byvoorbeeld die J du P Scholtz Versameling, wat ook werke van o.m. Hartung, Soulages en Tapies bevat."

Eric Verhal, 'n bekende Vlaamse kunstenaar, het een van sy werke aan die Sasol Kunsmuseum geskenk nadat hy die museum besoek het en baie beïndruk daarmee was. Proff. Christo Viljoen (links), Viserektor (bedryf), en Muller Ballot, Direkteur van die Universiteitsmuseum, is hier by die werk, getitel *Landskap* (1990) en uitgevoer in akriel op doek, hout en metaal. Die kunstenaar was onder 'n groep Belgiese besoekers wat verlede jaar by die Universiteit ontvang is. Prof. Viljoen was die gasheer vir 'n ete wat die Universiteit vir hulle aangebied het, en was ook daarna betrokke by die onderhandelinge oor die skenking. Prof. K Tavernier van die Universiteit van Leuven het as leier van dié besoekersgroep ook met die onderhandelinge oor die skenking gehelp. Eric Verhal is sedert 1973 dosent in Kunsgeskiedenis aan die Koninklijke Academie voor Schone

Kunsten in Gent, België. Hy was verskeie kere as gasdosent in Amerika. Van sy werke is in 'n aantal versamelings in België, ander Europese lande, Japan en die VSA opgeneem. Naas talle groepuitstallings waaraan hy deelgeneem het, het hy 17 solo-uitstallings sedert 1963 aangebied.



Vlaming sken skildery

Regsfakulteit vier 75 jaar



By die Regsfakulteit se 75ste bestaansjaarviering was (van links) prof. Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier asook ouddekaan van dié fakulteit, prof. Klaus Schwietering, afgetreden hoogleraar, en die huidige dekaan, prof. James Fourie.

Die Fakulteit Regsgeleerdheid, wat in 1921 tot stand gekom het, het ter viering van sy driekwarteeufees 'n geslaagde reünie van oudstudente op Stellenbosch gehou.

Die fakulteit het reeds meer as 2 700 LL.B.-gegradueerdes gelewer. Honderde graduati van die fakulteit het uit alle streke van Suid-Afrika, Namibië en selfs van oorsee gekom om weer by hulle alma mater te kuier. Onder die aanwesiges was appèlregter HJO van Heerden wat einde 1996 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het, regter Laurie Ackerman van die Konstitutionele Hof en nog sowat 12 regters van provinsiale afdelings, advokate, prokureurs, akademici en sakemanne.

Daar was o.m. 'n gholfertoernooi vir die oudstudente, 'n informele onthaal in die Ou Hoofgebou se vierkant en 'n feestdinee in die Stadsaal. 'n Duitse besoekende dosent het die jaarlikse Morti Malherbe-gedenklesing aangebied.

Die drie mees senior oudstudente daar was dr. David (Sasol) de Villiers, wat LL.B. in 1940 verwerf het, dr. DP (Lang Dawid) de Villiers wat LL.B. saam met wyle prof. A.B. de Villiers ('n eertydse dekaan) in 1941 met lof behaal het en die Kanselier van die Universiteit, dr. Jan van der Horst, wat dié graad in 1942 met lof verwerf het. Mn. Gys Steyn, ook 'n oudstudent en nou voorstander van die US-Raad, was ook daar.

Die dekaan, prof. Fourie, het 'n aantal groot skenkings deur oudstudente vir die fakulteit aangekondig wat as platform sal dien vir 'n fondsinsamelingsveldtog vir die fakulteit. ◆

Vekundige Wetenskappe ook 75

By die dinne ter viering van die Departement Vekundige Wetenskappe se driekwarteeufees is gedenksertifikate en afdrukke van 'n skildery deur Cora Coetze van die J.H. Neethlinggebou (waar die departement vir die grootste gedeelte van sy 75-jarige bestaan gehuisves was) aan 'n aantal ouddosente oorhandig. Prof. Hennie Heydenrych, wat einde verlede jaar as departementeel voorsitter afgetree het, is hier met een van dié afdrukke, wat oorhandig is aan (van links) prof. Willem Vosloo, dr. Frans van der Merwe, prof. Piet de Wet en dr. Tobie Erasmus. Prof. Vosloo en dr. Van der Merwe is voormalige hoofde van die (destyds nog afsonderlike) Departement Vekunde, prof. De Wet was hoof van die Departement Skaap- en Wolkunde en dr. Erasmus was senior lektor in Pluimveekunde.

Oudstudente van die Departement Vekundige Wetenskappe wat by die departement se driekwarteeufees sprekers was, saam met die dekaan van Landbouwetenskappe prof. Martin Hattingh (heel regs), is prof. Almero de Lange, voormalige direkteur: Navorsingsinstituut vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling, Universiteit van Fort Hare, prof. Hennie Heydenrych, uitstredende voorsitter van die Departement Vekundige Wetenskappe, en mn. Marius Paulse, 'n lid van die Landboukredietraad, Nasionale Departement van Landbou.

Vier bekende oudstudente van die Departement Vekundige Wetenskappe met die viering van dié departement se 75ste bestaansjaar: dr. Kraai van Niekerk, mn. Francois (Vellies) van der Merwe, dr. Gerrit Viljoen en mn. Leep Ferreira. ◆



Ekonomie driekwarteeufes oud

Die Departement Ekonomie het ook sy 75-jarige bestaan gevier.

Van die departement se professore het 'n belangrike aandeel in regeringskommissies of in die opstel van verslae gehad. Prof. Johannes Grosskopf was 'n lid van die Carnegie Kommissie wat in 1932 verslag oor die armlank vraagstuk gedoen het. Prof. Koos Botha was lank lid van die Spoorwegraad. Prof. Daantjie Franzen was voorsitter van die Kommissie oor Fiskale en Monetêre aangeleenthede en ook visepresident van die Reserwebank. Prof. Jan Sadie was betrokke by die Tomlinson- en Franzen-kommissies en prof. Sampie Terreblanche by die Erika Theron-kommissie.

Proff. Colin McCarthy, Ben Smit en Servaas van der Berg (tans dienende professore) het 'n belangrike rol gespeel met die opstel van die makro-ekonomiese strategie wat onlangs bekend gemaak is. ◆

Waarom Mostertsdrift gekoop is

Die Universiteit se aankoop van die Mostertsdrift-eiendom het heelwat vrae onder belangstellendes laat ontstaan. Die US het dit verlede jaar op 'n openbare veiling teen R6,6 miljoen gekoop.

Dié eiendom, wat uit 'n historiese opstal en buitegeboue op 2,7 ha grond bestaan, is feitlik in die middel van Stellenbosch en langs bestaande Universiteitseiendom geleë. Dit word as 'n strategiese bate beskou. Met die koop daarvan het die Universiteit medium tot langtermyn fisiese beplanning sowel as finansiële oorweging in gedagte gehad.

In mediaberigte is klem gelê op akkommodasie vir buitelandse gaste en besoekende akademici as een van die moontlike gebruiks vir die ou historiese opstal. Die 2,7 ha ontwikkelbare grond aanliggend aan die kampus verteenwoordig egter 'n belangrike belegging vir die Universiteit.

Ter bevestiging van die finansiële waarde van die belegging, is 'n onafhanklike professionele waardeerder versoek om reeds voor die veiling die markwaarde van die eiendom te bepaal. Die eiendom se waarde is op R7,3 miljoen gestel.

Voorskrifte van die Departement van Onderwys bepaal dat inkomste wat uit die verkoop van eiendom verdien is, nie vir lopende uitgawes, beurse, salaris, lenings, toerusting, ens. gebruik mag word nie. Die Universiteit moet dié fondse derhalwe herbelê om optimale groei en langtermyn finansiële sekuriteit te waarborg.

Eiendom oor die algemeen, en dié eiendom spesifiek, word deur kenners as optimale belegging beskou. In die lig hiervan is die Mostertsdrift-eiendom bekom met fondse wat die Universiteit uit die verkoop van ander eiendom verkry het.

Die eiendom is nie ten koste van enige ander investering op die kampus of in die plek daarvan aangekoop nie, maar is as 'n strategiese belegging oorweeg wat goeie sekuriteit teen onvoorsiene verwikkelinge rondom die toekomstige finansiering van die Universiteit bied. In dié stadium oorweeg die Universiteit dit nie om die eiendom binne die afsienbare toekoms te ontwikkel nie.

Daar bestaan geen bevestiging van die identiteit van die ander partye wat ook tydens die veiling belangstelling in die eiendom getoon het nie en daar was ook geen manier om dit voor die veiling vas te stel nie. Gerugte dat die eiendom aan die Universiteit geskenk kon gewees het indien dit vooraf met ander party ooreengekom is, is derhalwe ongegrond en so iets sou nie prakties moontlik of eties verdedigbaar wees nie.

Soölogie kry besoekers uit Kenia, Noorweë, VSA



Dr. Le Fras Mouton (agter) en die Departement Soölogie se drie buitenlandse besoekers, prof. James Spotila, mnr. Erustus Kanga en prof. Jorgen Stenersen.

Drie buitenlandse navorsers het onlangs aan projekte van die Departement Soölogie deelgeneem.

Die Ellerman Stigting stel jaarliks geld beskikbaar sodat die departement voorste buitenlandse navorsers hierheen kan nooi. Twee Ellerman beurshouers kon gelyktydig hier wees, nl prof. Jorgen Stenersen van Noorweë en James Spotila van die Universiteit van Drexel in Amerika.

Boonop was daar terselfdertyd 'n besoeker uit Afrika - die trustees van die departement se ontwikkelingsfonds het bykomende geld gegee om mnr. Erustus Kanga, 'n navorsing van die Nasionale Museums in Kenia, vir 'n maand hierheen te nooi. Hy het onder meer verskeie veldekskursies meegebring en

almal in die departement beïndruk met sy geesdrif en uitstekende vakagtergrond.

Prof. Stenersen het as gas van prof. Koot Reinecke navorsing gedoen oor die effekte van swaarmetale en gifstowwe op die energie-kinetika van spermselle. Prof. Spotila het saam met dr. Hannes van Wyk en Le Fras Mouton en mnr. Dion Sadie 'n navorsingsprojek begin oor die termobiologie van swart akkedis in die Wes-Kaap. Dié akkedis kan heelwat inligting verskaf oor paleoklimate en is ideale diere om die invloed van globale verwarming op die omgewing te monitor.

In Memoriam



Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende US-personeelde en Oudmaties:

Mnr. JL Badenhorst (77) van Garsfontein, Pretoria (B.A., SOD, Hons.B.A. 1938, '39, '62), oud-Dagbreker en oud-SR-voorsitter.

Prof. Gustav Bam (67) van Kaapstad (B.A., M.A., B.D., alles met lof, D.Th. 1949-'66); was o.m. NG predikant van Groote Kerk en UWK-teologiedosent.

Mnr. JP Barnard (83) van Montagu (DOSK 1935).

Mnr LF Barnard (49) van die Strand (B.A. 1971); voorheen o.m. redaksielid van Die Burger.

Mnr. JH Barrie (23) van Welkom (B.Ing. 1994)

Mnr. Andries P Burger (82) van die Strand; Diploma in Natuurstudie, D.O.S.K. met lof (1935, '48); vroeëer onderwyser op Kakamas.

Dr. Johan Burger (61) van Stellenbosch (B.Sc. in Landb., Hons., D.Phil. 1957, '69 '70); oud-Dagbreker; hoof van Wes-Kaapse Departement Landbou.

Mnr. EJ Cilliers (76) van Somerset-Wes (B.A., SOD 1941-'43).

Mnr. JH (Hannes) Coetzee (23) van Northdene, Gauteng, 'n oud-Simonsberger.

Mnr. PA Combrinck (72) van Stilfontein (B.Sc. 1947); oud-Wilgenhoffer.

Mnr. Olivier de Groote (49) van Pretoria wat tot 1989 deeltydse klarinetdosent, US-Konservatorium, was.

Dr. Niel de Klerk (49) (M.B., Ch.B., M.Med., Ph.D., 1970-'84); was lank aan Departement Urologie verbonde.

Ds. HJ (Tjoks) de Vos (70) van Port Elizabeth (B.A. 1948); SR-oudvoorsitter en eerste primarius van Helderberg.

Mev. Elsdon Dempsey (geb. Brookes) (87) van Stellenbosch (B.A. 1930).

Mnr. JP de Wit (80) van Hermanus (B.A., LL.B. 1937-'39); oud-Dagbreker.

Ds. JP du Plessis (81) van Kleinmond (B.A. 1936); was NG leraar op Stutterheim, Ceres, Southfield; later Sondagskoolsekretaris vir Kaapland en Namibië.

Mev. MS (Miems) Ferreira (geb. Du Toit) (72) van Stellenbosch (Dipl. in Huish., HPOD 1943-'45).

Mnr. SA Ferreira (50) van Patensie (B.Sc. in Landb. 1970); oud-Eendragter.

Mnr. DC Froneman (70) van Sterkstroom, Oos-Kaap (B.Sc., SOD 1945-'46).

Prof. JJ (Amie) Fourie (86) van Pretoria (B.A., SOD 1932-'33); oud-Dagbreker; was dekaan by UOVS en kultuurattaché in Wes-Duitsland.

Mnr. LJ Fourie (54) van Kuilsrivier (B.Econ., Hons. 1979-'81).

Mnr. A Franzsen (75) van die Strand (B.Sc., M.Sc., SOD 1940-'42).

Mnr. PWA Gericke (38) van Kuilsrivier (B.Ing. 1983); oud-Dagbreker.

Mnr. JC Goussard (59) van Melkbosstrand (HOD 1976).

Mnr. DJ Graaff (42) van Elandsgoud, Carltonville (B.Econ., Hons., M.B.A. 1981 - '84).

Mnr. W Groenewald (76) van Mosselbaai (B.Ed. 1947).

Mnr JG Grove (90) van Johannesburg (B.A., B.Comm. met lof 1927-'28); oud-Wilgenhoffer.

» bladsy 28

IN
MEMORIAM


« bladsy 27

Mnr JH Gouws (53) van Pretoria (B.Sc., B.Ing. 1965); oud-Simonsberger en Kanseliersmedaljewenner.
Mev. A Hay (geb. Lange) (51) van Geduld (B.A. 1966).
Mej. R. Hattingh (31) van Kaapstad (B. en Hons.B.Bibl. 1987-'88).
Mnr. Martin Henn (46) van Bellville (B.A., Hons., SOD, B.Ed., M.A. 1971-'82); was tot middel 1996 'n US-geskiedenisdosent.
Dr. GIM Hentzen (35) van Otjiwarongo (M.B., Ch.B. 1985).
Mev. PM Hoffman (69) van Upington (HPOD 1947); oud-Sonopper.
Mnr. Erinus Jooste (53) van die Strand (B.A., SOD, B.Ed. 1965-'68); was lank onderwyser by Hoërskool Strand.
Mev. JM Jooste (geb. Van Heerden) (60) van Britstown (HPOD 1955); oud-Lyddianer.
Mev. CE Knobel (geb. Zondagh) (61) van Bethlehem.
Mnr. DvZ Kotze (49) van Bellville (B.A., Hons., M.A. 1984-'94).
Mnr. PW Labuschagne (66) van Goodwood (B.Sc.Ing., M.Ing. 1955, '67); oudinwoner van Huis Visser.
Mnr. Hugo DJ Laubscher (42) van Vredenburg (B.A., HOD, M.A. 1975-'76, '88).
Mej. CS Lombard (66) van Wolseley (B.A. 1953).
Mej. JM Louw (92) van Pretoria (B.A. 1924); oud-Harmoniet
Mnr. TJW Louw (79) van Bloubergstrand (B.A. 1941); oud-Dagbreker.
Mnr. JP Malan (76) van Plettenbergbaai (B.A., LL.B. 1940-'42); oud-Dagbreker.
Mnr. JJ Marais (69) van Florida-heuwels, Gauteng (B.Comm. 1949).
Mnr. Tom Micklem (83) van Stellenbosch (B. en M.Sc. in Landb. 1935-'37); ouddosent van Elsenburg.
Mnr. Gabriël J Minnaar (40) van die Paarl (M.Comm. 1987).
Mnr. LV Möhr (86) van die Strand (B.Sc., SOD 1929-'30).
Mev. AM Mostert (geb. Du Toit) (87) van Hopefield (HPOD 1929); oud-Monicaner.
Mnr. FJ Mostert (87) van Hopefield (B.Sc. in Landbou, SOD 1930); oud-Dagbreker.
Mev. ME Murray (76) van Stellenbosch (B.A., SOD, M.Ed. 1940-'48); oud-Sonopper.
Mev. JL (Lulu) Naudé (geb. Ziervogel) (92) van Lynnwood, Pretoria (B.A., SOD met lof 1925-'27); oud-inwoner van Harmonie, oud-SR-lid; weduwee van dr. Meiring Naudé wat o.m. US-professor was.
Mnr. M Nell (27) van Uitenhage (B.Ing. 1993); oud-Eendragter.
Mnr. AL Nortje (32) van Willowmore (B.Agric.Admin. 1989); was in Hombré.

Dr. PA (Piet) Oosthuizen (83) van Pretoria (B.Sc. in Landb. 1935); oud-Dagbreker; is later by Wits as geneesheer opgelei.
Mev. E Schumann (89) van Pretoria (B.Sc., HSOD 1924-'28); oud-Harmoniet.
Ds. PES (Piet) Smith (80) van Pretoria (B.A., Hons. 1937, '64); oud-Wilgenhoffer; was 'n bekende sendingleier van die NG Kerk.
Mnr. G Frits Stegmann (77) van Stellenbosch (M.Sc. 1943); oud-Dagbreker; van 1948 tot 1984 US-dosent in Chemie; was bekend as musiek- en filmkenner.
Mev. AM Steyn (82) van Worcester (B.A., SOD 1934-'35).
Mev. ME Steyn (37) van Pretoria (B.Econ. 1981); oud-Ericaner.
Mnr. FJ Steynberg (87) van Tulbagh (B.Sc., LSOD, M.Sc. 1929-'30); oud-Dagbreker.
Mnr. PL (Piet) Strydom (44) van Vereeniging (B.Comm. 1974); oud-Dagbreker.
Dr. HC Swart (74) van Nylstroom (B. en M.Sc. in Landbou 1941-'44); oud-Wilgenhoffer.
Mnr. Merwe Swart (33) van Port Elizabeth (B.A., LL.B. 1983-'85); oudprimarius van Wilgenhof; was bekende prokureur en Oos-Kaapse rugby-administateur.
Mnr. FM Theron (44) van Leipoldtville (B.A., LL. B. 1974-'76); oudinwoner van Hombré.
Mnr. SD Theron (69) van Bellville (B.A., Hons.Maatskapl. 1947, '71); oud-Dagbreker.
Mev. MA Troskie (geb. Fourie) (32) van Pearston (B.Sc. 1987).
Mnr. CM Uys (91) van Helderkruijn, Gauteng (LSOD 1925).
Mnr. AM van der Hoven (89) van Heidelberg, Wes-Kaap (B.Sc.Landb. 1931); oud-Dagbreker.
Mnr. JJ Steyn van der Spuy (81) van Jeffreysbaai (B.A. Regte 1936); oud-Dagbreker; Pretoriase oud-burgemeester.
Mev. ML van der Westhuizen (Conz) (77) van Stellenbosch (Sert. in Spraak, Voordrag 1941).
Mnr. Hans ("Vaalpens") van Dyk (76) van Bethal, Mpumalanga (B.Comm. 1946).
Mnr. PleR van Niekerk (70) van Oos-Londen (B.Sc. 1947).
Mnr. AC van Wyk (84) van Bloemfontein (B.A., LL.B. 1932-'35); oud-Dagbreker; Vrystaatse oud-administateur.
Mnr JA van Wyk (74) van George (B.A. 1941); oud-Dagbreker.
Mnr. JA van Zyl (77) van Wellington (M.Ed. 1951).
Mev. MH Vivier (geb. Buhr) (93) van die Strand (Onderwyssertificaat 1920).
Prof. Otto Wipplinger (82) van Somerset-Wes (D.Ing., Ph.D.Ing. 1953, '86); US-professor in Siviele Ingenieurswese (1967-'79). ◆



*Drukkery
Printers*
**Waar
die US
se beeld
gedruk
word**



- Hoë gehalte drukwerk (ook kleur)
- Grafiese ontwerp en bladuitleg
- Verwerking van woordgeprosesseerde dokumente tot drukgereedheid
- Voorbereiding en bind van alle boeke en ander publikasies
- Fotokopiëring en duplisering (ook kleur)
- Hand-bindwerk aan spesiale publikasies
- Bind van boeke en tesisse

**We make your
image possible**



CROFTERS

*Mostertsdrift
Stellenbosch*

*Elegante bed en ontbyt verblyf
vir die kieskeurige reisiger vir
u sakebesoek of vakansie*



*Kom en erwaar weer 'n keer die
pragtige omgewing met die
persblou berge en die sagte gemurmel
van die Eersterivier . . . terwyl u die
Wynwêreld en die Kaap oopnuut
ontdekh.*

BESPREKINGS

Thibaultstraat 15

Mostertsdrift

Stellenbosch, 7600

Tel. (021) 887 2237

Faks. (021) 883 8658



TABAK IS VERSLAWEND

16 mg teer 1,5 mg nikotien Soos per Regeringsooreengekome metode

verslaving

